


DIE SESDE SEËL

 Laat ons nou net vir 'n oomblik ons hoofde buig.

² Here, ons kom weer byeen vir die diens. En ons dink aan die tyd, in die vroeë dae, toe hulle almal na Silo gekom het vir die seëninge van die Here. En nou, vanaand, het ons hier vergader om U Woord te hoor. En soos ons in hierdie sekere deel van die Skrif gestudeer het, dat die Lam die enigste Een was wat die Seëls kon oopmaak, of Hulle kon losmaak. En ons bid dat vanaand, waar ons hierdie groot Sesde Seël in oënskou neem, bid ons, Hemelse Vader, dat die Lam Dit vanaand vir ons sal oopmaak. Dat, ons is hier om Dit te verstaan. En toe niemand op aarde, of in die Hemel, voldoende was nie, is slegs die Lam voldoende bevind. So mag die algenoegsame Een vanaand die Seël vir ons kom oopmaak, dat ons net verby die gordyn van die tyd kan kyk. Dit sou ons help, glo ons, Vader; hierdie groot, donker, sondige dag waarin ons lewe; sou ons help en ons moed gee. Ons vertrou nou dat ons genade in U oë vind. Ons wy onself, saam met die Woord, toe aan U, in Jesus Christus' Naam. Amen.

Julle kan maar sit.

³ Goeienaand, vriende. Dis 'n voorreg om weer vanaand hier te wees, om in die diens van die Here te wees. Ek was net 'n bietjie laat. Ek het net gegaan na . . . na 'n noodgeval, van 'n sterwende man, van 'n lidmaat van hierdie kerk; sy moeder is, of kom hiernatoe. En hulle het toe gesê die seun was sterwend op daardie oomblik. So ek—ek het soontoe gegaan en net 'n—'n skaduwee van 'n man op 'n bed te sien lê, sterwend, 'n man van omtrent my ouderdom. En binne net 'n oomblik, het ek 'n man op sy voete sien kom, besig om die Here te prys. En so, God, as ons gewillig sal wees om ons sondes te bely en dit te doen wat reg is, om genade vra, Hom aanroep, is God gewillig en gereed om dit vir ons te skenk.

⁴ En, nou, ek weet dis vanaand warm hierbinne. En—en dis . . . Nee, ek skat die hitte is heeltemal afgeskakel. En—en ons is . . .

⁵ Ek het gisteraand opgelet, of vandag, dit is my sewende dag in 'n kamer sonder lig, net elektriese ligte, sien; studeer, en bid vir God om hierdie Seëls oop te maak.

⁶ En daar was soveel wat geskryf het, in daardie groep vraestellers gis- . . . of vrae gisteraand, was, dit min of meer, nie so seer as vrae nie. Dit was om, in elk geval, 'n genesingsdiens te wil hê; wou 'n ekstra dag bly, om 'n . . . om Maandag 'n genesingsdiens te hê. So ek—ek—ek sou, kon, ek sou dit eintlik kon doen as dit die—die wil van die mense is dat hulle dit sal

doen. Julle kan daarvoor nadink en my laat weet, maar as julle net wil aanbly en vir die siekes bid.

7 Want, ek het al hierdie tyd, volledig, toegewys aan hierdie Seëls, en myself net afgesonder vir die Seëls.

8 So julle kan daarvoor nadink, en daarvoor bid, en my dan laat weet. En ek sal, as die Here wil, kan ek. My volgende afspraak is by Albuquerque, New Mexico, en dit sal nog 'n—'n paar dae wees. En ek moet huis toe gaan vir 'n bietjie besigheid, om gereed te maak vir nog 'n konvensie in Arizona. En so, dan, as dit die wil van die Here is! Bid julle daarvoor, en ek sal dieselfde doen, dan sal ons 'n bietjie later meer daarvan weet.

9 En ek merk net op. Nou ek sien. . . Begin jy net oor siekte praat, daar kom dit, sien. Ek sien hierdie vrou wat net hier sit. As iets haar nie help nie, gaan sy niks langer as net 'n rukkie hier bly nie. So, dan, sien, ons—ons bid net dat God sal. Dis waarvoor julle hier is, van ver af gekom het. So, sien, die—die Heilige Gees weet bloot alles, julle sien. So Hy. . .

10 Maar, sien, ek het probeer om hierdie tyd aan hierdie Seëls toe te wys, want ons het dit daarvoor opsygesit, julle sien. Maar as daar 'n. . .

11 Hoeveel siekes is hier, in elk geval, wat gekom het om voor gebid te word? Laat ons julle hande sien, reg rondom, oral. O, goeiste! Hum! Wel, hoeveel sou dink dat dit reg sou wees, die wil van die Here, om te bly en dit te hê, Maandagaand te vat, net vir die siekes te bid, Maandagaand 'n genesingsdiens te hê? Sou julle dit graag wou doen? Sou julle dit kon doen? Wel, as die Here wil, sal ons dit dan doen. Sien? Ons sal—ons sal 'n gebedsdien vir die siekes hê, Woensdag, of, Sondagaand, of, Maandagaand, en vir die siekes bid.

12 Nou, ek hoop dit onderbreek nie daardie groep saam met wie ek, Arizona toe, teruggaan nie. Broer Norman, is hy hier êrens? Onderbreek dit jou program, Broer Norman, enigsins? [Broer Gene Norman sê: “Nee.”—Red.] Broer Fred en die res van julle, is dit in orde? [Ander sê: “In orde.”] Sien? Dis in die haak. Goed.

13 Dan, as die Here wil, bid ons Maandagaand vir die siekes, net een aand geheel en al daarvoor opsygesit, om net te bid vir die siekes. Nou, dit sal nie nog van die Seëls wees nie. As die Here net hierdie Seëls sal oopmaak, dan bid ons vir die siekes, Maandagaand.

14 Nou, o, ek het dit werklik geniet, verskriklik, om die Here onder Hierdie te dien! Het julle Dit geniet, die oopmaak van die Seëls? [Gemeente sê: “Amen!”—Red.]

15 Nou, ons praat nou uit die Vyfde Seël of, liewer, die Sesde Seël. En dit bevat nou daar vanaf die—die 12de vers van die 6de hoofstuk, tot daar by die 17de. Dis een van die lang Seëls. Daar gebeur 'n nogal 'n hele paar dinge hier. En nou die. . .

16 Gee 'n klein oorsig van gisteraand, soort van 'n bietjie teruggaan, elke keer.

17 En, sê, ek—ek wil nog iets sê. Ek het, in daardie kartondoos, vier of vyf baie belangrike dinge vir my gekry. Daar is vir my gesê dat. . . En ek wil beslis om verskoning vra. Is die bande aan? Bande is aan? Ek wil om verskoning vra vir my predikerbroers en vir julle mense hier. Hulle sê, nou die aand toe ek gepraat het van—van Elía, op daardie uur van toe hulle. . . Hy het gedink hy is die enigste een wat in die Wegraping sou wees, of dat hy die enigste een was wat gered sou word. Ek—ek het sewehonderd gesê, in plaas van seweduisend. Is dit reg? [Gemeente sê: “Ja.”—Red.] Wel, ek is regtig jammer daaroor, mense. Ek—ek—ek het beter as dit geweet. Dit was net eenvoudig 'n deurmekaar praterij, want ek het geweet dit was seweduisend. Ek het dit net nie reg gesê nie. Ek. . . En ek—ek bedank julle. En dit beteken dat. . . Ek is bly julle let op wat ek sê. En julle sien, dan, dis. . . Omdat, dit, dis—dis seweduisend.

18 Ek het twee of drie notas daaroor gekry, wat gesê het: “Broer Branham, ek dink jy was verkeerd.” Dit het gelui: “Was hulle nie seweduisend in plaas van sewehonderd nie?”

19 Ek het gedink: “Ek het tog seker nie sewehonderd gesê nie.” Sien? Dit, en toe ek. . . Billy. . .

20 En toe het ek, voor jy weet wat, het ek nog 'n nota opgetel. Dit het gelui: “Broer Branham, jy was. . . Ek dink jy het gesê sewehonderd.”

21 En een persoon het gesê: “Broer Branham, was dit 'n—'n geestelike visioen dat—dat daar net 'n tipe gaan wees, en jy tipeer dit met die sewe. . .?” Maak mense senuweeagtig wanneer jy hierdie dinge gaan dink, sien. En dis genoeg, dat, dit my senuweeagtig maak.

22 Iets het vandag gebeur toe hierdie Seël geopenbaar is, sodat ek heeltemal buite op die werf moes uitloop, net moes rondloop, buite op die werf, vir 'n rukkie. Dis reg. Dit het net eenvoudig byna my asem weggeneem. Sien? So julle praat, van spanning? O, goeiste! Sien?

23 Nog 'n ding, sien, julle bly reg by wat ek sê. En God gaan my verantwoordelik hou vir wat ek vir julle sê. Sien? En so ek—ek moet absoluut so seker wees as wat seker kan seker wees, sien, van hierdie dinge, want hierdie is 'n—'n geweldige tyd waarin ons lewe. Ja.

24 Ek het aan die genesingsdiens vir Maandagaand gedink. Sou dit enigsins op jou inbreuk maak, Broer Neville? [Broer Neville sê: “Glad nie. Ek sal net hier wees.”—Red.] Dis goed.

25 Kosbare Broer Neville! Ek sê vir julle, hulle het net—hulle het net een gemaak, dink ek, en toe die patroon verloor. Dis 'n. . .

Hy was altyd 'n—'n ware maat en vriend vir my, laat ek dit vir julle sê.

²⁶ Die tabernakel is nou gebou, en die Sondagskoolkamers en alles is gereed, in orde gekry hier. En as sommige van julle mense wat hierrond is, rondom Jeffersonville, wil kerk toe kom, het julle 'n lekker plek, en 'n plek om na toe te kom, Sondagskoolkamers.

²⁷ Goeie leermeester, en Broer Neville hier, vir die volwasse klas, en 'n ware pastoor. Ek sê dit nie as 'n ruiker vir hom nie, maar ek sou liever nou vir hom 'n rosie wou gee as 'n hele krans nadat hy weg is. En Broer—Broer Neville, ek ken hom al vandat ek maar net 'n seun was. Nou, hy het niks verander nie. Hy is steeds Orman Neville, net soos hy altyd was.

²⁸ Ek onthou die besoeke. Hy was selfs so gaaf om my uit te nooi na sy kansel, toe hy nog 'n Metodiste prediker hieronder in die stad was. En ons het 'n lekker gemeente gehad daaronder in Clarksville, die . . . ek skat dit word genoem Howard Park, Harrisonlaan Metodiste kerk. Ek dink dis daaronder wat hy jou moes gekry het, Suster Neville. Daaronder, want sy was 'n lid- . . .

²⁹ Ek het teruggekom, en ek het vir die kerk hier gesê, ek het gesê: “Dit is . . . Dis een van die gaafste mense! En een van die dae gaan ek hom doop in die Naam van die Here Jesus.” Dit het gebeur.

³⁰ Hier is hy. En nou is hy my maat, reg aan my sy. En so 'n eerbare, ordentlike man! Hy het nog altyd by my gestaan net soos . . . net so naby as wat hy kon staan. Wat ek ook al sê, bly staan hy net by my en hou net daarby. Selfs in die begin toe hy ingekom het, toe het hy nie die Boodskap verstaan nie, maar hy het Dit geglo en hy het reg Daarby gebly. Dis eer, dis respek, so vir 'n broer. Ek kan nie genoeg van hom sê nie. En nou seën die Here hom. Goed.

³¹ Nou 'n klein voorskou van gisteraand, oor die breek van die Vyfde Seël. Ons sal nie vanaand die hele ent teruggaan nie, net ver genoeg terug om die—die Vyfde Seël te kry.

³² Nou, ons het uitgevind dat daar die antichris was wat gery het op, en homself gewend het van, drie kragte. Almal het in een krag opgegaan, en die vaal perd: “Dood,” gery, in 'n bodemlose put in, in die verderf in, van waar dit gekom het. En dan het ons uitgevind toe die . . .

³³ Die Skrif sê: “Wanneer die vyand inkom soos 'n vloed, rig die Gees van God 'n standaard daarteen op.” En ons het dit volmaak bevestig gesien in die Woord gisteraand, want daar was vier Lewende Wesens wat—wat geantwoord het op die—die vier keer wat hierdie ruiter gery het.

³⁴ En hy het elke keer 'n ander perd gery, 'n wit perd, en toe 'n rooi perd, en 'n swart perd, en toe 'n vaal perd. En ons het

uitgevind, daardie kleure, en wat hulle was en wat hulle gedoen het. Toe het ons dit reguit teruggevat tot in die eeue van die kerke, en dit was presies wat dit gedoen het, net perfek.

³⁵ Daarom, julle sien, wanneer die Woord van God ineenskakel, beteken dit Dis korrek, julle sien. Ja. Ek glo, enigiets wat by die Woord van God inskakel, is altyd “amen.” Sien?

³⁶ Nou, soos 'n persoon wat sê hulle het 'n visioen gehad, en sê dat dit een was. O, hulle weet die Here het dit gegee, want dit het met groot krag gekom. Wel, die visioen mag heeltemal reg wees. Maar as dit nie volgens die Woord is nie, en die Woord weerspreek, is dit net nie reg nie. Sien?

³⁷ Nou, nou daar mag sommige Mormoonse broers of suster, teenwoordig wees. En daar mag sommige wees wat hierdie bande kry, nou. En ek wil nie sê dat . . . Party van die beste mense wat ek en jy sou wou ontmoet, sal—sal onder die Mormoonse mense wees; baie goeie soort mense. En dan hulle—hulle profeet, Joseph Smith, vir wie die Metodiste mense hier in Illinois doorgemaak het, op hulle reis daardeur. En so toe daardie—daardie goeie man, en die visioen, ek betwyfel glad nie dat hy die visioen gehad het nie. Ek glo hy was 'n opregte man. Maar die visioen wat hy gehad het, was teenstrydig met die Skrif. Sien? Daarom, moes hulle 'n Mormoonse Bybel hê, om—om dit te maak. Sien?

³⁸ Hierdie is Dit, hier, vir my. Hierdie is. Dis waarom, net die Woord. Dit is Dit. Sien?

³⁹ Op 'n keer, het hier 'n—'n—'n prediker van 'n ander land af gekom, en hy . . . En ek het hom daar gesien met 'n—'n . . . rondry in 'n motor, met wat nie is . . . met 'n—'n dame. En hulle het na 'n diens toe gekom. En ek het uitgevind, hulle het twee of drie dae gery, net hy en sy, by die diens, om saam na die diens toe te kom. En die vrou was al getroud, drie of vier verskillende kere.

⁴⁰ En hierdie prediker het in die portaal van die hotel ingestap waar ek was, en het nadergedraf en my handgegee. En ek het sy hand geskud, opgestaan en met hom gepraat. Ek het hom gevra, ek het gesê: “Wanneer jy 'n kans het, sou ek 'n oomblik met jou kon praat in my kamer?”

Hy het gesê: “Sekerlik, Broer Branham.”

⁴¹ Ek het hom na die kamer toe geneem. En ek het vir die prediker gesê, ek het gesê: “Eerwaarde, meneer, jy's 'n vreemdeling in hierdie land.” Ek het gesê: “Maar hierdie dame het nogal 'n naam.” Ek het gesê: “Is dit nie, of, het julle al die pad van *so-en-so* 'n plek af tot daar na *so-en-so* 'n plek toe gekom?”

Het gesê: “Ja, meneer.”

⁴² En ek het gesê: “Is jy nie bang dat dit soort van . . . ? Ek—ek nie . . . twyfel nie aan jou nie, maar dink jy nie dit sal op jou reputasie as 'n prediker reflekteer nie? Dink jy nie ons moet 'n bietjie beter voorbeeld stel as dit nie?”

En hy het gesê: “O, hierdie dame is ’n heilige.”

43 Ek het gesê: “Ek—ek twyfel nie daaraan nie.” Maar ek het gesê: “Maar, broer, die ding is net, elkeen wat na haar kyk is nie ’n heilige nie, sien, wat kyk na wat jy doen.” En ek het gesê: “Ek glo jy moet liever versigtig wees. Dis net een broer teenoor ’n ander.” En hy het gesê. . . Ek het gesê: “Die dame was nou al vier of vyf keer getroud gewees.”

En hy het gesê: “Ja, ek weet dit.” Het gesê: “Jy weet, ek—ek. . .”

44 Ek het gesê: “Jy leer dit nie tuis in jou kerk, daarvan nie, of hoe?”

45 Het toe gesê: “Nee. Maar,” het gesê: “jy weet, ek het ’n visioen daarvan gehad, Broer Branham.”

Ek het gesê: “Wel, dis goed.” Ek het gesê. . .

46 Hy het gesê: “Gee jy om?” Het gesê: “Ek glo ek sou jou ’n bietjie kon reghelp oor wat jy daarvoor leer.”

47 En ek het gesê: “Goed.” En hy. . . Ek het gesê: “Ek—ek—ek sal bly wees om dit te hoor, meneer.”

48 En hy het gesê: “Wel,” het gesê: “jy weet, in hierdie visioen,” hy het gesê: “was ek aan die slaap.”

En ek het gesê: “Ja.” Ek het toe gesien, dit was ’n droom. Sien?

49 En hy het gesê: “My—my vrou,” het gesê: “sy het saam met ’n ander man gelewe,” en het gesê: “en my verkul.” En het gesê: “Toe het sy na my toe gekom, en sy het vir my gesê: ‘O, liefing, vergewe my, vergewe my!’ Het gesê: ‘Ek—ek—ek—ek’s jammer ek het dit gedoen. Ek sal van nou af aan jou getrou wees.’” Het gesê: “Natuurlik, ek het haar so liefgehad, ek het haar net vergewe, gesê: ‘Goed.’” En het gesê: “Toe. . .”

50 En het gesê: “Weet jy wat? Toe het ek die uitleg van hierdie visioen gekry.” Het gesê: “Dit was die vrou.” Het gesê: “Sekerlik, sy was al getroud, en—ensovoorts, en al hierdie kere.” En het gesê, dat: “Dis in orde vir haar om te trou, want die Here het haar so lief. Sy kan trou soveel keer as wat sy wil, vir sover. . .”

51 Ek het gesê: “Jou visioen was baie mooi, maar dit was hier ver van die gebaande Weg af.” Ek het gesê: “Dis—dis verkeerd, sien. Jy behoort dit nie te doen nie.” So dit. . . Sien?

52 Maar wanneer jy Skrif sien inskakel by Skrif, dit ’n vaste kontinuïteit maak waar hulle bymeekaarkom. Die Skrifte, waar Hierdie een hier eindig, kom Hierdie ander een hier en skakel perfek daarby in, en voltooi die hele prentjie.

53 Soos om ’n blokraaisel te voltooi, soort van. Jy kry die stukkie wat inpas. Daar is niks anders wat daar kan pas nie. Dan kry jy die prent voorgestel.

54 En daar's net Een wat dit kan doen, dis die Lam, en daarvoor kyk ons na Hom.

55 Maar ons vind dat toe hulle, hierdie ruiter, hy was een ruiter wat hierdie perde gery het. En toe het ons hom agterna gejaag, gesien wat hy gedoen het en alles, en uitgevind, destyds in die kerkeue is dit presies wat hy gedoen het.

56 Toe, toe hy uitgegaan het op 'n sekere dier en 'n sekere ding gedoen het, vind ons dat daar een gestuur is om, dit wat hy gedoen het, teen te werk.

57 Daar is een gestuur vir die eerste eeu, van lam . . . van die leeu. Dit was die Woord, natuurlik, Christus.

58 Volgende was die os, gedurende die tyd van die donkereue, toe—toe die—die kerk georganiseer het en dogmas, in plaas van die Woord, aanvaar het.

59 En onthou, die hele ding is gebaseer op twee dinge: een, 'n antichris; die ander een, van Christus.

60 Dis vandag steeds dieselfde ding. Daar is geen half-pad Christene nie. Daar is geen dronk-nugter man nie; geen swart-wit voëls nie; nee, nee; geen sondaar-heiliges nie. Nee. Jy's óf 'n sondaar óf 'n heilige. Sien? Daar is net geen tussen-in nie. Jy's óf wedergebore óf jy's nie wedergebore nie. Jy's óf vervul met die Heilige Gees óf jy's nie vervul met die Heilige Gees nie. Maak nie saak hoeveel sensasies jy gehad het nie, as jy nie met die Heilige Gees vervul is nie, is jy nie Daarmee vervul nie. Sien? En as jy Daarmee vervul is, wys jou lewe dit, gaan reg tot Daar. Sien? Niemand hoef enigeen daarvan te vertel nie. Hulle sien dit, sien, want Dis 'n Seël.

61 Nou, en ons vind daardie diere, hoe hulle elke keer gery het. Een is uitgestuur op sy bediening, met politieke magte, wat godsdienstige magte en—en politieke magte, saam verenig. Ons vind uit, God het Sy mag uitgestuur om dit teen te werk. Ons gaan reguit terug en sien wat die kerkeu was, en het teruggekyk; en daar was dit, presies net so.

62 Dan vind ons uit, het 'n ander eeu aangekom, en het die vyand die antichris uitgestuur onder die naam van godsdiens, onder die Naam van Christus, onder die naam van die Kerk. Ja, meneer. Het selfs onder die naam van die Kerk uitgegaan. “Dit is die ware Kerk,” het hy gesê. Sien?

Antichris is nie Rusland nie. Antichris is nie dit nie.

63 Antichris is so na aan ware Christendom, dat, die Bybel gesê het: “Dit sal alles mislei wat nie voorbestemd is nie.” Dis reg. Die Bybel het gesê, dat: “In die laaste dae, alles wat nie voorbestem is nie, die Uitverkorenes.” Daar staan: “Die Uitverkorenes!” Nou, enigeen, neem daardie woord en volg dit terug in jou kantlyn, kyk wat dit beteken. Daar staan: “Die uitverkorenes, voorbestemdes.” Sien? “Dit sal elkeen van hulle

mislei wie se name nie op die Lam se Boek van die Lewe is, vanaf die grondlegging van die wêreld nie.”

64 Toe die Lam geslag is, is die name op die Boek geplaas. Hy staan vanaand in die Heilige Plek, in Heerlikheid, as ’n Middelaar, doen bemiddeling vir elkeen van daardie siele wie se name op daardie Boek is. En niemand ken daardie naam, behalwe Hy nie. Hy is die Een wat die Boek in Sy hand het, en Hy weet. Wanneer daardie laaste een inkom, dan is Sy bemiddelingsdae verby. Hy kom dan na vore om op te eis dit waarvoor Hy ingetree het. Hy doen nou die Bloedverwante Lossers se werk; en kom na vore om Sy Eie te ontvang. O, goeiste!

65 Dit behoort elke Christen homself te—te laat ondersoek, en sy hande voor God te laat hou, en sê: “Reinig my, O Here! Kyk in my lewe, en—en laat ek—laat ek sien waar my slegte plek is. Laat ek dit somgaan het. En—en laat ek sien wat die weg ruim.” “Want, as die regverdige beswaarlik gered word, waar sal die sondaar en die goddelose beland?” Dis tyd om te besin.

66 En as julle dit wou plaas, en wou. . . en hierdie Woord gee. (Nou, ek wil nie, om vir my ’n vraag hieroor te vra nie, want dit bring my op iets heeltemal anders; ek bedoel, met die skryf van julle vrae. Ek dink die vrae is, in elk geval, al klaar ingehandig.) Hierdie is die tyd van die ondersoekende oordeel. Dis reg. Nou, ons sal dit kry by die—by die Basuine wanneer ons daarby uitkom, wanneer die Here ook al voorsien, of die Skale, en ons sal uitvind van daardie ondersoekende oordeel, toe net voor die Weë uitgegaan het. En—en ons sien dat dit waar is. En die drie Engele wat die aarde getref het, wat uitgeroep het, julle weet: “Wee! Wee! Wee die bewoners van die aarde!”

En ons lewe in ’n wonderlike tyd, ’n tyd wat. . .

67 Julle sien, hierdie dinge waarby ons nou is, wat ons nou bestudeer, is nadat die Kerk alreeds weg is, sien, hierdie dinge in die Verdrukkingsperiode. En ek dink dit behoort waarlik uitgemaak te word in elke gelowige se hart, dat hierdie Kerk nooit ’n Verdrukkingsperiode ondergaan nie. Jy kan, nêrens, die Kerk in die Verdrukking plaas nie. Ek. . . Jy plaas die kerk daar, maar nie die Bruid nie. Sien, die Bruid het al voortgegaan.

68 Want, sien, Sy, Sy het nie een sonde nie, nie ’n ding teen Haar nie. Die genade van God het Haar oordek. En die bleikmiddel het elke sonde so ver weggeem, daar is nie eens ooit weer ’n herinnering daaraan nie; niks behalwe reinheid nie, volmaak, in die Teenwoordigheid van God. O, dit behoort die Bruid op haar knieë te laat gaan en tot God uit te roep!

69 Ek dink aan ’n storiëttjie; as ek nou nie te veel van julle tyd in beslag neem, met hierdie voorbereiding nie. Ek’s. . . Ek—ek doen dit met ’n doel, om te voel, tot ek voel die Gees is net reg, om te begin.

70 Hierdie is 'n—hierdie is 'n heilige ding. Sien? Dis, sien, wie weet daardie dinge daar? Niemand behalwe God nie. En hulle is nie veronderstel om geopenbaar te word nie, en is bewys in die Bybel dat hulle nie geopenbaar sal word, tot op hierdie dag nie. Dis presies reg. Sien? Daar is oor hulle—oor hulle bespiegel; maar nou is ons veronderstel om dit presies te kry, die Waarheid, bevestigte Waarheid. Sien? Let op.

71 Nou, daar was 'n—'n meisietjie in die weste, dat hoe sy—sy verlief geraak het op 'n . . . 'n Man het op haar verlief geraak. As 'n beeskoper, daar uitgekom vir die Armour Company. En—en hulle het 'n—'n groot . . .

72 Die baas het op 'n dag gekom, die baas se seun uit Chicago, en, natuurlik, hulle 'n regte, westerse front opgestel. Die—die meisies daar, het hulle uitgevat; elkeen wou hierdie kêrel kry, sekerlik, julle weet, want dit was die hoofman se seun. So, hulle het hulleself uitgevat in hulle westerse frontdrag.

73 En—en hulle maak so daar in die weste. Hulle het pas deur een van daardie episodes gegaan. En Broer Maguire, ek dink hy is nou hier, hulle het hom daar in die dorp gevang sonder sy westerse klere aan, en hulle het hom in die—in die tronk gegooi. En het hom in 'n boendoehof gesit, en hom daarvoor laat betaal, en hom toe 'n westerse uitrusting laat koop. En ek het die res van hulle sien rondloop met rewolwers, omtrent so lank, wat aan hulle hang. Hulle raak skoon primitief daar. Hulle probeer leef in iets soos in die ou dae, lank gelede. Sien?

74 En dan, in Kentucky, hier probeer julle weer soos in die ou dae van die ooste lewe, steeds terug in Renfro Valley en dinge. Julle gaan graag na die ou dae toe terug. Daar is iets wat dit veroorsaak.

75 Maar wanneer dit terugkom, om terug te gaan na 'n Evangelie in sy oorspronklike, wil julle dit nie doen nie. Julle wil iets moderns hê, julle sien. Wys jou dat, sien, julle—julle . . . daar's 'n . . .

76 En wat laat 'n—'n man verkeerd doen? Wat laat hom drink en tekere gaan, of 'n vrou verkeerd doen? Dis omdat sy probeer om . . . Daar is iets in haar, wat dors. Daar is iets in hom, wat dors. En hulle probeer daardie heilige dors les met die dinge van die wêreld. Wanneer, God daardie dorsles behoort te wees. Hy het jou so gemaak, om te dors. Dis waarom jy na iets dors. God het jou so gemaak, sodat jy daardie heilige dors na Hom sou keer. Sien? Maar wanneer jy daardie dors probeer les . . . Hoe durf enigiemand dit doen! Jy het geen reg om dit te doen, om daardie heilige dors waar jy na iets dors, te probeer les, en, dan, en jy keer dit na die wêreld toe, probeer dit met die wêreld bevredig nie. Jy kan dit nie doen nie. Daar's net een ding wat dit sal opvul, en dis God. En Hy het jou so gemaak.

77 So, hierdie—hierdie jongmeisies het 'n—'n regte westerse gedoente gereël vir hierdie kêrel toe hy—hy soontoe uitgekome het. En elkeen van hulle was seker hulle sou hierdie kêrel kry.

78 Daar was 'n niggietjie daar op die veeplaas, en sy was 'n weeskind, en so sy het net al die—die werk vir hulle gedoen. Want, hulle moes hulle vingernaels laat versorg, julle weet, en hulle kon nie die skottelgoed was nie, oor hulle hande en dinge. En sy het al die baie swaar werk gedoen.

79 En toe, eindelijk, toe die kêrel gekom het, het hulle uitgegaan en hom ingebring op die ou westerse styl, die spaaidier. En hulle het ingekom, hulle gewere afgeskiet en aangegaan, julle weet, en tekere gegaan. En daardie aand het hulle 'n yslike groot dans daar gehad, van 'n—van 'n outydse dans, en al die veeboere in die omtrek, daarrond, en het ingekom met hulle dansery, ensovoorts. En, voor jy jou kom kry, wel, dit het aangehou, was 'n fees vir twee of drie dae.

80 Toe, een aand, het hierdie kêrel uitgestap, sodat. . . uit die plek uit, om net vir 'n rukkie te rus van die dans, en van hierdie meisies af weg te kom. En hy het toevallig, daar na die kraal toe afgekyk. Daar het 'n meisietjie geloop, het maar half verflenterd gelyk. En sy het 'n skottel vol water gehad, sy het die skottelgoed gewas. En hy het gedink: “Ek het haar nog nooit vantevore gesien nie. Ek—ek wonder waar kom sy vandaan?” So hy het toe net sy pad langs die—die buitekamer om gekies, en so om te gaan en terug te kom, by die kraal langs, en haar daar raak te loop.

81 Sy was kaalvoet. Sy het opgehou met was. Sy het haar kop laat sak. Sy het gesien wie dit was, en sy was baie skaam. Sy het van hierdie vername persoon geweet. En sy was net hierdie ander meisies se niggie. Hulle pa was voorman op hierdie groot Armour boerdery, so hulle het gehou. . . Sy het bly afkyk. Sy was skaam oor sy kaalvoet was.

82 Hy het gesê: “Wat is jou naam?” Sy het hom gesê. Het gesê: “Waarom is jy nie daar by die. . . waar die res van hulle is nie?” En sy het probeer verskonings maak.

83 En toe, die volgende aand, het hy weer gekyk of sy daar is. Eindelijk. . . Hy het daarbuite gesit. En hulle almal was aan die gang, alles. Hy—hy het op die kraalheining gaan sit en dopgehou wanneer sy kom, om die skottelgoedwater uit te gooi. En hy het haar dopgehou. En hy het vir haar gesê, hy het gesê: “Weet jy wat my eintlike doel is waarom ek hier is?”

Sy het gesê: “Nee, meneer, ek weet nie.”

84 Het gesê: “My doel waarom ek hier is, is om 'n vrou te soek.” Hy het gesê: “Ek vind 'n karakter in jou wat hulle nie het nie.” Ek het aan die Kerk gedink, julle sien. Het gesê: “Sal jy met my trou?”

Sy het gesê: “Ek? Ek? Ek—ek kan nie aan so-iets dink nie, nie ek nie.”

⁸⁵ Sien, dis die grootbaas se seun. Hy het al die maatskappye en veeplase dwarsoor die streek besit, en alles, julle sien. Het gesê, gesê: “Ja.” Het gesê: “Ek—ek kon nie in Chicago een kry nie. Ek—ek wil ’n regte vrou hê. Ek wil ’n vrou hê met karakter. En die ding waarna ek soek, dit sien ek in jou.” Het gesê: “Sal jy met my trou?”

Sy het gesê: “Wel . . .” Dit het haar laat skrik. En sy het gesê: “Ja.”

⁸⁶ En hy het gesê: “Wel . . .” Vir haar gesê hy sou terugkom. Gesê: “Nou, maak jouself nou net gereed, en oor ’n jaar van vandag af, sal ek terugkom. Wel . . . En ek sal jou kom haal, en ek sal jou hiervandaan wegneem. Jy sal nie meer so hoef te werk nie. Ek sal jou neem. En ek sal Chicago toe gaan, en ek sal vir jou ’n huis bou soos jy nog nooit gesien het nie.”

⁸⁷ Sy het gesê: “Ek het nie, nog nooit—nog nooit ’n huis gehad nie. Ek is ’n weeskind,” het sy gesê.

⁸⁸ Hy het gesê: “Ek sal vir jou ’n huis bou, ’n regte een.” Gesê: “Ek sal terugkom.”

⁸⁹ Hy het in kontak gebly met haar, gedurende die tyd, die jaar. Sy het alles in die werk gestel wat sy kon, om genoeg geld te spaar uit haar dollar-per-dag, of wat sy ook al gekry het by haar losies, om haar trourok te koop. Volmaakte tipe van die Kerk! Sien? Sien? Sy het haar klere gereed gekry.

⁹⁰ En, weet julle, toe sy hierdie trourok gewys het, het haar—haar niggies gesê: “Wel, jou arme, verspotte kind. Dink jy dat ’n man soos daardie enigets met jou te doen sal wil hê?”

⁹¹ Sy het gesê: “Maar hy het my belowe.” Amen. Gese: “Hy het belowe.” Gesê: “Ek glo sy woord.”

⁹² “O, hy het net ’n gek van jou gemaak.” Gesê: “As hy iemand sou gekry het, sou hy een van hulle gekry het.”

⁹³ “Ja,” het gesê: “maar hy het my belowe. Ek sien uit daarna.” Amen. Ek ook.

⁹⁴ So, dit het later en later geword. Die dag het uiteindelik aangebreek, op ’n sekere uur sou hy daar wees, so sy het haar rok aangetrek. En sy het nie eens van hom gehoor nie. Maar sy het geweet hy sou daar wees, so sy het haar trouklere aangetrek, dinge gereedgemaak.

⁹⁵ Wel, toe het hulle regtig daar gelag. Want, die grootbaas het gestuur na die—na die voorman, of—of na . . . Nie een van die meisies het iets daarvan gehoor nie, so dit was alles net ’n verborgenheid vir hulle. Dit is, ook. Dit is beslis.

⁹⁶ Maar hierdie meisie, ten spyte van dit alles, op grond van sy woord dat hy na haar toe sou terugkom.

⁹⁷ So, hulle het begin lag. En het hulle hande om mekaar gesit, en om haar gedans. Gesê: “Ha!” So gelag, julle weet, gesê: “Arme, klein, verspote kind!”

⁹⁸ Sy het net daar gestaan, geen teken van bloos aan haar nie. Sy het haar blomme vasgehou. En haar trourok alles gereed; sy het gesukkel, julle weet. “Sy Bruid het Haarself gereedgemaak.” Sien? Sy het haar blomme bly vashou, gewag.

⁹⁹ Hulle het gesê: “Nou, ek het vir jou gesê dis verkeerd. Sien, hy gaan nie kom nie.”

Het gesê: “Ek het nog vyf minute.” Gesê: “Hy sal hier wees.”

O, hulle het net gelag!

¹⁰⁰ En net omtrent teen die tyd dat die ou horlosie die vyf minute afgetik het, het hulle die perde hoor gallop, sand onder die wiele hoor rol. Die ou spaaider het stilgehou.

¹⁰¹ Sy het tussen hulle uitgespring, en by die deur uit. En hy het uit die rytuig gespring, en sy het in sy arms geval. Hy het gesê: “Dis nou alles verby, skat.” Het haar klein ou niggiedenominasies daar laat sit, en kyk. Sy—sy is Chicago toe, na haar huis toe.

¹⁰² Ek weet van ’n ander groot belofte soos dit, ook nog. “Ek het gegaan om vir julle ’n plek te berei; kom terug om julle te ontvang.” Hulle sê dalk ons is gek. Maar, broer, vir my, somer nou, en hierdie Seëls wat so breek, onder hierdie bonatuurlike ding, ek kan byna die geluid hoor soos daardie klok van die tyd voorttik daar in die Ewigheid in. Ek kan byna daardie Engel daar sien staan en sê, by die laaste van daardie sewende engel se Boodskap: “Daar sal geen tyd meer wees nie.” Daardie klein, lojale Bruid sal een van hierdie dae wegvlieg na die arms van Jesus, om na die Vader se Huis toe geneem te word. Laat ons nou aan hierdie dinge dink soos ons voortgaan.

¹⁰³ Let op die bediening van die leeu, die Woord; die os, die arbeid en opoffering; die vernuftigheid, van die hervormers; en die—die arend-eeu, wat inkom, wat hierdie dinge moet openbaar en optel en hulle onder die aandag moet bring.

¹⁰⁴ Nou ons het uitgevind, in gisteraand se diens, ook, die groot verborgenheid wat met hierdie Seël geopen is, wat absoluut teen my vorige begrip daarvan was. Somer op die aanname dat dit reg is, het ek altyd toegegee dat daardie siele onder die altaar die vroeë Christenmartelare was. Maar ons het uitgevind, gisteraand, toe die Here God vir ons daardie Seël gebreek het, dis absoluut onmoontlik. Dit was nie hulle nie. Hulle het voortgegaan na Heerlikheid, reg aan die anderkant, en hulle is daar. Ons het uitgevind dat hulle Jode is, wat sal opkom gedurende die tyd, waar die . . .

¹⁰⁵ Vanaf die roeping nou, van die honderd vier-en-veertigduisend, waarby ons vanaand en môre uitkom. En—en

tussen die Sesde en Sewende Seël, word die honderd vier-en-veertigduisend geroep.

106 En toe het ons uitgevind, dat hulle martelare was wat doodgemaak is, en tog nie was. . . Het wit klere aangehad, maar hulle name was in die Lam se Boek van die Lewe. En hulle is wit klere gegee, elkeen van hulle. En ons het dit behandel. En dis niks anders ter wêreld nie, glo ek, as daardie klomp van die—die Jode, wat deur 'n voor-verdrukkingsperiode gegaan het. Toe, gedurende die tyd van hierdie laaste oorloë, is hulle. . . het hulle. . . Toe is hulle deur almal gehaat. En Eichmann het miljoene van hulle doodgemaak in Duitsland. Julle het pas van die verhoor gehoor. Miljoene onskuldige mense doodgemaak, Jode, net omdat hulle Jode was; geen ander rede nie.

107 Die Bybel het hier gesê, dat: “Hulle is doodgemaak ter wille van hulle getuienis van God, ter wille van die—die Woord van God, en die getuienis wat hulle gehad het.” Nou ons het uitgevind dat die Bruid die Woord van God was en die getuienis van Jesus Christus. Hierdie hier het geen getuienis van Jesus Christus gehad nie.

108 En ons het uitgevind dat die Bybel sê, dat: “Die hele Israel, die voorbestemde Israel, sal gered word,” Romeine 11. Nou ons weet dit. En daar sien ons daardie siele.

109 Nou kyk hoe naby. Hoekom kon dit nie voorheen wees nie? Omdat dit nie voorheen gebeur het nie. Nou kan jy dit sien, julle sien. Sien, die groot Heilige Gees, sien daardie dinge aankom deur die—die eeue en tye. En nou word dit geopenbaar, en dan kyk jy daar en sien dis die Waarheid. Dit is waaroor dit gaan.

110 Nou, dit was—dit was die martelare in die verdrukking, of die voor-verdrukking, van Eichmann. Nou, hulle tipeer net die martelare van die honderd vier-en-veertigduisend, waarby ons kom, tussen die Sesde en Sewende Seël. Sien?

111 En die Sewende Seël is net een ding, dis al, en dit: “Daar was stilte in die Hemel vir die duur van 'n halfuur.” En nou kan net God dit openbaar. Dit word nie eens gesimboliseer nie, nêrens nie. Dis môre-aand. Bid vir my. Sien?

112 Nou, ons let nou op, soos ons op die Sesde Seël ingaan. Mag die Hemelse Vader ons nou help waar ons nou klaarmaak vir hierdie Sesde Seël. Nou hierdie 12de vers van die 6de hoofstuk.

En ek het gesien toe Hy . . . die sesde seël oopgemaak het, en, kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed;

en die sterre van die hemel het op . . . aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye afgooi;

en die hemele het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word; en al die berge en elke eiland is uit hulle plekke versit.

En die konings van die aarde, en die grotes, en die rykes, en die owerstes oor duisend, en die magtiges, en al die sla- . . . en al die vrymense, het hulleself weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge;

113 Let julle daar op? Kyk na hulle: “magtiges,” sien. Wat het hulle gedoen? “Hulle het die wyn van die grimmigheid van die hoerery van die hoer ontvang.” Sien? Dis presies dieselfde klas wat van haar wyn gedrink het. Sien?

En vir die berge en die rotse gesê: Val op ons, en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam:

Want die groot dag van Sy toorn het gekom; en wie kan bestaan?

114 Watter inleiding tot . . . Sien, die ruiter s'n het nou, die ruiter se diere, en die Lewende Wesens wat antwoord, het opgehou. Toe, het ons opgeneem, het ons die martelare onder die Troon gesien. Nou dit, uit die tyd, hierdie martelare is die ware Ortodokse Jode wat gesterf het in die Christelike geloof . . . of in— in godsdienstige geloof, want hulle kon nie Christene wees nie.

115 Onthou, God het hulle oë verblind. En hulle gaan vir 'n lang tyd blind wees, totdat die Heidense Kerk uit die pad uit geneem is. Want, God handel nie met daardie twee volke gelyktydig nie, want dis baie teenstrydig met Sy Woord.

116 Onthou, Hy handel met Israel as 'n volk, altyd. Dis die Israelitiese volk.

117 Die Heidene, as individue: “mense geneem uit die Heidene.” En dit moes, die Heiden, moes maak . . . opgemaak word uit al die mense van die wêreld, dus nou en dan kom daar 'n Jood daarin. Sien? Net soos 'n—soos 'n Arabier, en 'n Ier, en Indiaan, en wat nog, dis al die mense van die wêreld, wat hierdie ruiker-Bruid uitmaak. Sien?

118 Maar, nou, as dit dan kom by deel met Israel, in hierdie laaste deel van die sewentigste week, deel Hy met hulle as 'n volk, die Heidene is klaar. Die uur kom spoedig aan, en mag nog einste— einste vanaand wees, dat God volkome sal wegdraai van die Heidene af, heeltemal. Presies! Hy het so gesê. “Hulle sal die mure van Jerusalem vertrap totdat die Heidense bedeling klaar is, die tyd verby is.” Ja, meneer!

119 En dan: “Laat hom wat onrein is, onrein bly; laat hom wat regverdig is, regverdig wees.” Sien?

120 Daar is glad nie meer Bloed op die sitplek van die—van die— van die hei- . . . in die heiligdom nie. Daar is nie meer Bloed op die altaar nie. Die Offerande is verwyder, en daar's niks behalwe

rook en weerlig en oordeel daarbinne nie. En dis net presies wat vanaand hier uitgegiet word. Sien, die Lam is al weg van die . . . Sy middelaarswerk af. Die middelaarswerk is klaar, daar by die Troon. En die Offerande, soos ons Hom perfek getipeer het, die Bloedverwante Losser, die bebloede Lam wat na vore gekom het. 'n Lam wat geslag is, 'n bebloede Een, wat doodgemaak is, gewond, het na vore gekom en die Boek uit Sy hand geneem. Dis, die dae is verby. Nou kom Hy om te eis wat Hy verlos het. Amen! Dit stuur net iets deur my!

121 Ons vind nou uit, Johannes het gesê: “Ek het gesien toe Hy die Sesde Seël oopgemaak het, was daar 'n groot aardbewing,” toe is die hele natuur onderbreek. Sien?

122 God het groot dinge gedoen, soos om die siekes te genees, en die oë van die blindes te open, en groot werk te doen.

123 Maar ons vind uit, dat die natuur, hier, ineengestort het, ja, die hele natuur. Kyk wat het gebeur: “Die—die aardbewing; die son het swart geword, en die maan wou nie sy lig gee nie; en die sterre het geskud en geval.” En, wel, alles het gebeur, sien, net op die tyd van die opening van hierdie Sesde Seël. Dis wanneer dit plaasvind, net onmiddellik na die aankondiging van daardie martelare, sien. Die martelare was al klaar.

124 Nou julle sien ons is nou sommer naby aan daardie uur. Ons kon wees, te enige tyd, sien, want die Kerk is net omtrent gereed om Haar vlug te onderneem. Maar onthou, wanneer hierdie dinge gebeur, sal die Bruid nie hier wees nie. Onthou net, die Bruid is weg, Sy hoef nie deur enige deel daarvan te gaan nie. Hierdie is 'n tyd van Verdrukking, van die reiniging van die—van die kerk; dit word op haar geplaas, vir haar om daardeur te gaan, nie die Bruid nie. Hy neem Sy liefing uit die pad uit. Ja, meneer! Sy, het Haar klaar verlos. Sien, dis soort van 'n . . . Dis Sy Eie uitverkiesing, Sy Eie keuse, soos enige man sy bruid neem. Sien? Nou, die aardbewing . . .

125 Laat ons nou Skrifte vergelyk. Ek—ek wil . . . Het julle 'n potlood en papier by julle? Ek wil hê julle moet vir my iets doen. As julle wil skryf, skryf dit, want, tensy julle die band gaan kry. Nou ons . . . Ek wil hê julle moet saam met my lees, soos wat julle doen.

126 Vergelyk Skrifte van hierdie groot gebeurtenis, dat ons sal sien dat hierdie groot geheim, of verborgenheid, wat onder die Sesde Seël van die Boek van Verlossing was. Nou onthou, dié is verborgenhede. En die ses Seëls, altesaam, is een yslike groot Boek, net ses boekrolle saamgerol, en dit rol die hele Boek van Verlossing af. Dis hoe die hele aarde verlos is.

127 Dis waarom Johannes gehuil het, want, as niemand daardie Boek kon kry nie, was die hele skepping, alles daarmee heen. Sy sou net eenvoudig terugkeer tot—tot—tot atome en molekule, ensovoorts, en kosmiese lig, en nie eens skepping, persoon, niks

anders wees nie. Want, Adam het die regte op daardie Boek verloor. Hy het dit verbeur toe hy na sy vrou geluister het, en sy na Satan se redenasies, in plaas van die Woord van God, geluister het. Sien? Dit is verbeur.

¹²⁸ Toe, kon dit nie teruggaan in die vuil hande van Satan, wat haar uit die pad uit gelok het nie, so daarom het dit teruggegaan na sy oorspronklike eienaar, soos enige titelakte sou doen, sien. Gaan reguit terug na sy oorspronklike eienaar, en dit was God, die Skepper, Wat dit gemaak het. En Hy hou dit.

¹²⁹ En daar's 'n prys, en dis verlossing. Daar is 'n prys vir verlossing, en daar was niemand wat dit kon doen nie. So, Hy het gesê, Sy wette gemaak, Sy Eie wette oor 'n Bloedverwante Losser. Toe kon hulle niemand kry nie. Elke mens is uit seks gebore, gebore na seksuele begeerte; hy is in die oorspronklike sonde, Satan en Eva, so hy kon dit nie doen nie. Daar is niks in hom nie. Geen heilige pous, priester, Dokter Godsgeleerdheid, wie hy ook al mag wees, hy sou niemand waardig wees nie. En hy kon nie 'n Engel wees nie, want dit moes 'n Bloedverwant wees. Hy moes 'n mens wees.

¹³⁰ Toe het God Self 'n Bloedverwant geword, deur 'n menslike vlees aan te neem, deur die maagdelike geboorte. En Hy het Sy Bloed gestort. Dit was nie die bloed van 'n Jood nie. Dit was nie die bloed van 'n Heiden nie. Dit was die Bloed van God. Sien? Die Bybel het gesê: “Ons word gered deur die Bloed van God.”

¹³¹ Die kind neem die vader se bloed. Ons weet dit. Enigiets in die manlike geslag produseer die hemoglobien. So vind ons uit, soos by die hen wat die eier lê; sy kan 'n eier lê, maar as die haan, of die maat, nie by haar was nie, sal dit nie uitbroei nie. Dis nie vrugbaar nie. Die vrou is net die broeikas wat die eier dra. Maar die eier kom . . . Die kiem kom van die manlike.

¹³² En, in hierdie geval, was die manlike God Self. Dis hoedat ek sê, hoedat op af is, en—en groot klein is. God was so groot dat Hy geword het, Homself selfs gevorm het in so 'n klein dingetjie, tot 'n klein kiemmetjie in die skoot van 'n maagd. En daar rondom het Hy die selle en die Bloed ontwikkel. En is gebore, en het grootgeword op aarde. En uit daardie soort begin, onvervals, glad geen seksuele begeerte daaraan, hoegenaamd nie.

¹³³ En toe het Hy daardie Bloed gegee, want Hy het 'n familielid van ons geword. En Hy was die Bloedverwante Losser. En Hy het daardie Bloed, vrywilliglik, gestort. Hy was nie verplig nie. Hy het Dit vrywilliglik gegee, om te verlos.

¹³⁴ Toe het Hy gegaan op die altaar van God, en wag nou daar, terwyl God die Boek van Verlossing in Sy hande hou. En die bebloede Lam staan op die offer-altaar. Daar is die Lam, om verlossing te bring, doen bemiddeling.

¹³⁵ Hoe durf enigiemand dan sê Maria, of Josef, of enige ander sterfling, kan 'n—kan 'n middelaar wees! Jy kan nie intree tensy

daar Bloed daar is nie. Ja, meneer. “Daar is een Middelaar tussen God en die mens, en dis Christus Jesus.” Dis wat die Skrif sê. Daar staan Hy, en totdat die laaste siel verlos is; en dan kom Hy na vore om op te eis wat Hy verlos het. O, watter—watter groot Vader is Hy nie!

136 Nou onthou, nou, ek het altyd geleer, dat: “In die mond van twee of drie getuies, laat elke woord gevestig word.” En, die Skrif, net soos jy nie een Skrif kan neem en niks kan bewys nie, tensy daar iets anders is wat daarmee saamgaan nie. Sien?

137 Sien, ek kan een Skrif vat en sê: “Judas het gegaan en homself opgehang,” ’n ander een vat en sê: “Gaan doen julle dieselfde.” Sien? Maar, sien, dit sal nie met die res Daarvan inskakel nie.

138 En ek het gedink, onder hierdie Sesde Seël, toe die Heilige Gees Dit daar oopgebreek het, en ek gesien het wat dit is, toe het ek gedink dit sal ’n goeie ding wees om die klas vanaand ’n ietsie anders te gee. Sien? Want, dit kan vermoeiend wees, om net die hele tyd te luister na my gepraat, so ek het gedink ons sal iets anders doen.

139 Nou let op. Hierdie groot gebeurtenis was verseël onder die Boek van verborgenheid, van die verlossing. Nou het die Lam Dit in Sy hand, gaan Dit breek.

140 Nou kom ons kyk na Matthéus die 24ste hoofstuk, die Lam Self wat praat. Nou, enigeen weet dat Christus die Skrywer is van die hele Boek, vir sover dit betref. Maar hierdie is Sy—Sy toespraak hier, of Sy—Sy preek vir die—die mense, goed, vir die Jode.

141 Nou wil ek hê jy moet jou Boek so hou, Matthéus 24 en Openbaring 6, so. [Broer Branham hou sy Bybel oop by hierdie twee hoofstukke—Red.] En laat ons net ’n bietjie iets hier vergelyk.

142 Nou, kyk nou hierna, en julle kan uitvind net hoe—hoe dit is. Sien, wat die Lam *hier* wys, is presies in simbole, wat Hy *hier* gesê het in Woorde. Doen dit presies, so dit maak dit reg. Nou, dis—dis al wat dit is. Hier is. . . *Hier* is een, Hy praat daarvan, en *hier* is waar dit gebeur het. Sien? Dis net perfekte bevestiging.

143 Nou, nou kom ons kyk na die 24ste hoofstuk van Matthéus, en Openbaring 6, en vergelyk met die 24ste hoofstuk van Matthéus. Ons weet almal dat dit die hoofstuk is waarheen elke geleerde, elke persoon gaan, om—om oor die Verdrukkingsperiode te praat. Dit kom uit die 24ste hoofstuk van Matthéus. En nou laat ons. . . As dit so is, nou ons. . . Want, ons weet dat hierdie Sesde Seël die Oordeelseël is. Dis die Oordeelseël, is presies wat Dit is.

144 Nou, sien, ons het die—die antichris gehad wat gery het. Het die Kerk sien gaan; nou is Dit klaar, gaan op. Toe het ons die martelare, van daardie Jode daar, onder die altaar gesien. Nou hier is die uitbreek van die oordeel, oor die mense wat. . .

145 Uit hierdie Verdrukkingsoordeel sal die honderd vier-en-veertigduisend verlore Jode voortkom. Ek sal vir julle bewys hulle is Jode, en nie Heidene nie. Hulle het niks te doen met die Bruid nie, nie enigiets nie. Die Bruid, ons het klaar gesien die Bruid is weg. Jy kan dit nie êrens anders plaas nie; kom nie weer terug voor die 19de hoofstuk van die Boek van die handeling nie.

146 Nou let op, want, die Sesde Seël is die Oordeelseël van die Woord.

147 Nou, hier, kom ons begin nou en kom ons lees Matthéus, die 24ste hoofstuk. Nou ek wil net graag hier vir julle iets gee wat ek pas nageslaan het, om te kry. Nou, Matthéus, van 1 tot 3, wel, is waar ons eers gaan lees.

En Jesus het uitgegaan, en vanaf die tempel vertrek: en Sy dissipels het na Hom toe gekom om vir Hom die gebou van die tempel te wys.

En hy sê vir hulle: Sien julle nie al hierdie dinge nie? voorwaar Ek sê vir julle, Daar sal hier nie een . . . klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie.

Nou, en (3de vers) toe Hy op . . . berg . . . Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom toe, en sê: *Vertel ons, wanneer hierdie dinge sal wees? . . . wat is die teken van U koms, en van die voleinding van die wêreld?*

148 Nou kom ons stop daar. Hierdie drie verse, dit het, in werklikheid, plaasgevind op Dinsdagnamiddag, die vierde April, 30 NC. En die eerste twee verse het plaasgevind op die namiddag van die . . . van die vierde April, in 30 NC. En die 3de vers het plaasgevind op Dinsdagaand van dieselfde dag. Sien?

149 Hulle het by die tempel gekom, en hulle het Hom hierdie dinge gevra. “Wat *hiervan*? En wat *hiervan*? Kyk na hierdie groot tempel! Is dit nie wonderlik nie?”

Hy het gesê: “Daar sal nie een klip op ’n ander gelaat word nie.”

150 Toe het Hy op die berg opgegaan en gaan sit, sien. Dit daar, daar begin Hy; dis die namiddag. En toe, toe hulle het, het hulle Hom daarbo gevra, gesê: “Ons wil ’n paar goed weet.”

151 Nou let op, hier is—hier is drie vrae wat gevra word deur die Jode, Sy dissipel. Drie vrae word gevra. Nou kyk. “Wat,” eerste, eerste: “Wat . . . ? Wanneer sal hierdie dinge wees, wanneer, ‘Daar nie een klip op ’n ander sal wees nie?’” “Wat sal die teken van U Koms wees?” tweede vraag. “En van die voleinding van die wêreld?” Sien dit? Daar is drie vrae.

152 Nou, dis waar baie mense hulle fout begaan. Hulle pas hierdie dinge op een of ander eeu van daardie tyd, wanneer, sien julle, Hy drie vrae beantwoord. Hulle . . .

153 Kyk nou hoe—hoe pragtig is dit, 3de vers, sien, die laaste frase daar in die 3de vers. “En wat sal wees. . .?” Eers, het hulle Hom hier, alleen, na die Olyfberg toe geroep. “Vertel vir ons, wanneer sal hierdie dinge wees?” vraag nommer een. “Wat sal die teken van U Koms wees?” vraag nommer twee. “En van die voleinding van die wêreld?” vraag nommer drie. Sien? Daar word drie verskillende vrae gevra. Nou, nou ek wil hê julle moet omblaai en kyk hoe Jesus hulle hier van hierdie dinge vertel.

154 O, dis so pragtig! Ek. . .Maak my net. . .Ek—ek—ek kry die. . .Wat was daardie woord wat ons nou die aand gebruik het? [Gemeente sê: “Stimulasie.”—Red.] Die stimulasie van openbaring! Let op.

155 Nou kom ons blaai nou na die Eerste Seël van die—die Seëls van hierdie Boek, en vergelyk dan hierdie Eerste Seël met hierdie eerste vraag.

156 En elke vraag, vergelyk dit enduit, en kyk of dit nie hand-aan-hand gaan, net soos ons gemaak het met al hierdie ander wat oopgegaan het, met die kerkeue en alles, presies dieselfde nie. Daar is die Seël, dan perfek oopgemaak. Let op, nou. Nou gaan ons eers lees, vir die. . . “Toe het Hy hulle geantwoord. . .” En—en dan gaan Hy—Hy nou begin antwoord, en ons wil dit met die Seëls vergelyk.

157 Nou kyk. Die Eerste Seël is Openbaring 6:1 en 2. Nou lees ons 6:1 en 2.

En—en ek het gesien. . .die Lam toe Hy een van die seëls oopmaak, en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van ’n donderslag, Kom kyk.

En ek het gesien, en kyk, daar was ’n wit perd: en hy wat daarop sit, het ’n boog; en aan hom is ’n kroon gegee: en hy het uitgegaan as ’n oorwinnaar en om te oorwin.

158 Wie het ons gevind is hierdie kêrel? [Gemeente sê: “Antichris.”—Red.] Antichris. Matthéus 24, nou, 4 en 5.

En Jesus antwoord en sê vir hulle—vir hulle, Pas op dat niemand julle mislei nie.

Want baie sal onder My Naam kom, en sê, Ek is die Christus; en hulle sal baie mense mislei.

159 Sien julle dit? Antichris. Daar is jou Seël. Sien? Sien? Hy het dit hier gesê; en hier open hulle ’n Seël, en hier is hy, net perfek.

160 Nou die Tweede Seël, Matthéus 24:6, Openbaring 6:3 en 4. Nou kyk, Matthéus 24:6. Nou laat ek sien wat daar staan.

En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë: pas op, moenie verskrik word nie: want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.

161 Nou goed, laat ons die Tweede Seël neem, Openbaring 6:3 en . . . Twee. Kyk wat Hy nou sê.

En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, en hoor ek die tweede lewende wese sê, Kom . . . kyk.

En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekóm: en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem. en dat hulle mekaar sou doodmaak: en 'n groot swaard is aan hom gegee.

162 Perfek, net presies! O, ek hou daarvan om die Skrif Homself te laat antwoord. Julle nie ook nie? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Die Heilige Gees het Dit alles geskryf, maar Hy is in staat om Dit te openbaar.

163 Nou laat ons na die Derde Seël oplet. Nou, dit is hongersnood. Nou, Matthéüs 24:7 en 8. Laat ons 7 en 8 kry, in Matthéüs.

En die een nasie sal teen die ander opstaan, en die een koninkryk teen die ander: en daar sal hongersnood wees, . . . pessiëktes, . . . aardbewings, op verskillende plekke.

Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smart.

164 Sien, jy kom nou al nader. Nou, Openbaring, in die 6de, nou gaan ons die Derde Seël oopmaak. Dit staan in Openbaring 6:5 en 6.

En toe Hy die derde seël oopgemaak het, sien ek—ek die derde lewende wese sê, Kom kyk. En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand.

En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê, 'n Rantsoen . . . 'n penning . . . 'n Rantsoen koring vir 'n penning, en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en . . . wyn beskadig nie.

165 Hongersnood! Sien, presies dieselfde Seël, dieselfde ding wat Jesus gesê het. Goed.

166 Vierde Seël: “pes” en “dood.” Let op, Matthéüs 24. Ons sal die—die 8ste vers lees, 7de en 8ste, dink ek is dit, oor hierdie Vierde Seël, ek het dit hier. Goed.

167 Nou wat het ek hier gelees? Het ek iets verkeerd gelees? Ja, ek het dit afgemerkt gehad. Ja, daar is dit. Nou is ons aan die gaan. Nou vorder ons. Goed, meneer.

168 Nou laat ons hier by die 7de begin, oor hierdie, die Vierde Seël; en by die 6:7 en 8, oor die ander een, oor die Openbaring.

169 Nou laat ons sien, die 7de en 8ste van Matthéüs 24. Goed, nou.

En die een nasie sal teen die ander nasie opstaan, en die een koninkryk teen die ander: en daar sal

hongersnode wees, . . . pessiectes, . . . aardbewings, op verskillende plekke.

Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smart.

170 Nou die Vierde Seël, soos ons dit hier gelees het, was die . . . Die Vierde Seël, is begin 7de en 8ste, by hierdie ander nou.

En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, en kyk . . . hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê, Kom kyk.

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd: . . .

171 Wag nou. Ek het dit verkeerd neergeskryf. Ja. Ja. Nou net 'n oomblik, nou, 7 en 8.

172 Nou, laat ons sien, Matthéüs 24:7 en 8. Nou laat ons sien. Ons sal dit kry. Dis die Derde, wat oopmaak, is dit nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Matthéüs 24:7 en 8. Ek is jammer. Nou, dit maak die reën, of, die hongersnood oop, maak die hongersnood oop. Goed.

173 Nou, die "pes" en "dood." Ja, meneer. Nou gaan ons daarnatoe, 7 en 8. Nou, dit sal die Vierde Seël wees. Laat ons sien waar kry ons die Vierde Seël. "En toe Hy die Vierde—Vierde Seël oopgemaak het . . ." Ja, dis die vaal-perd ruiter: "die Dood," sien.

En—en ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd: en hy . . . vaal perd: en hy wat daarop sit, sy naam is die Dood genoem, en die Doderyk . . . hom gevolg. En aan hom is mag gegee oor die swaard, . . . dele van die aarde, om dood te maak met die swaard, en hongersnood, en pes, en deur die wilde diere van die aarde.

174 Nou, sien, dit was "die Dood."

175 Nou, die Vyfde Seël, Matthéüs 24:9-13. Laat ons sien of ek dit nou weer reg het. Sien?

En dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee. en julle doodmaak (daar het jy dit): en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van My naam. En wanneer . . .

En dan sal baie verraai . . . baie sal tot struikel gebring word, en mekaar verraai, en mekaar haat.

En baie valse profete sal opstaan, en baie . . . mislei.

En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die mense verkoel.

Maar wie . . . volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

176 Nou, ons is nou by die Vyfde Seël. En dit was gisteraand, sien. "Hulle sal julle uitlewer, mekaar verraai," ensovoorts.

177 Nou kyk hier oor die 6de, Seël, 6:9 tot 11. Nou laat ons daardie een kry, Openbaring 6:9 tot 11.

En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God, en die getuienis wat hulle gehad het:

En hulle het met 'n groot stem uitgeroep, en gesê, Hoe lank, . . . heilige, . . . waaragtige Heerser, oordeel en wreek U . . . ons bloed op die bewoners van die aarde nie?

Nou, en aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê, dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus, totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders, . . . wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.

178 Nou, sien julle, onder die Vyfde Seël, vind ons—vind ons martelaarskap hier.

179 En onder die 24:9 hier, het ons . . . tot 13, vind ons ook dat dit martelaarskap is. “Hulle sal julle uitlewer, en julle doodmaak,” ensovoorts. Sien, dieselfde Seël word oopgemaak.

180 Nou, in die Sesde Seël, is die een waarby ons nou kom, Matthéus 24:29 en 30. 24, en laat ons 29 kry en—en 30. Hier is ons.

Nou, ons gaan nou ook Openbaring 6:12 tot 17 kry.

181 Dis presies wat ons so pas gelees het. Nou luister hierna, nou, wat Jesus in Matthéus . . . :29, 24:29 en 30 gesê het.

En dadelik na die verdrukking van daardie dae . . .

182 Wat? Wanneer die . . . hierdie verdrukking, hierdie amateur verdrukking wat hulle hier deurgegaan het, sien.

. . . sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van . . . hemel sal geskud word:

En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn: en dan sal wees al die stamme van die aarde rou bedryf, en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.

183 Nou, lees nou hier oorkant in Openbaring, die—die Sesde Seël, die een waarby ons nou is.

En . . . kyk toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en, kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak (sien?), en die maan het geword soos bloed;

En die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyboom wat deur 'n groot wind geskud . . . sy navye afgooi.

En die hemele het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word; en al die berge en elke eiland . . . uit hulle plek versit.

En die konings van die aarde, en die grotes, en die rykes, en die overstes oor duisend, en die magtiges, en

elke slaaf. . . al die vrymense, het hulleself weggesteek in die spelonke. . . in die rotse van die berg;

En vir die berge en die rotse gesê, Val op ons, en bedek ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn—toorn van die Lam:

Want die groot dag van sy toorn het gekom; . . . wie kan bestaan?

¹⁸⁴ Net perfek, blaai reg terug, kyk wat Jesus nou hier in Mattheüs 24:29 gesê het. Luister. “Na,” hierdie Eichmann saak, ensovoorts.

En dadelik na die verdrukking van daardie dae, sal die son verduister word, . . . die maan sal—sal sy glans nie gee nie, . . . sterre sal van die hemel val, . . . die kragte van . . . hemel sal geskud word:

Kyk nou.

En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn: en hulle sal sien, en hulle. . . en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf, en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.

En. . . sy engele uitstuur, ensovoorts, en met. . . trompetgeluid, en. . . sal hulle versamel. . . die vier winde, . . . saam gestrewe.

¹⁸⁵ Sien, net so, vergelyk presies met wat Jesus in Mattheüs 24 gesê het, en wat die openbaarder hier in die Sesde Seël oopgemaak het, is presies net so. En Jesus het van die Verdrukkingsperiode gepraat. [Broer Branham klop drie keer op die preekstoel—Red.] Sien?

¹⁸⁶ Eerste, het hy gevra wanneer hierdie dinge sou wees, wanneer die tempel weggeneem sou word. Hy het dit geantwoord. Die volgende ding wat hy gevra het, wanneer daar ’n tyd sou kom. . . Daar het die martelaarseeu gekom. En wanneer dit sou wees, wanneer die antichris sou opstaan; en wanneer die antichris die tempel sou wegneem.

¹⁸⁷ Daniël, hoe sou ons kon teruggaan en daar by Daniël aansluit, toe hy gesê het dat, hierdie prins wat sou kom. Julle lesers weet dit. En wat sou hy doen? Hy sou die daaglikse offerhande wegvat, en wat nog alles sou plaasvind gedurende die tyd. Het gesê. . .

¹⁸⁸ Jesus, wat hier daarvan praat, het dit selfs onderstreep. Het gesê: “Wanneer julle die gruwel van die verwoesting, waarvan die profeet, Daniël, gepraat het, in die heiligdom sien staan.” [Broer Branham klop drie keer op die preekstoel—Red.] Wat is dit? Die moskee van Omar, het in die plek van die tempel gestaan toe hulle dit afgebrand het. Het gesê: “Laat hulle wat in die berge is. . . Laat hulle wat op die huisdak is, nie afkom om iets uit

die huis weg te neem nie; of hy wat in die veld is omdraai nie. Want daar sal 'n tyd van verdrukking kom!" Sien julle? En al hierdie dinge sou plaasvind, het hulle nou daar aangeskuif en dit bevestig, terug na hierdie opening van die Sesde Seël.

¹⁸⁹ Nou wil ek hê julle moet oplet. Jesus. . . Nou, wat môre-aand betref, Hieroor, Jesus het die lering oor die Sewende Seël uitgelaat. Dis nie hier nie. Kyk, Hy gaan nou, daarna, net voort met gelykenisse. En Johannes het die Sewende Seël uitgelaat. Die Sewende, laaste, die Sewende Seël, dit gaan iets groots wees. Dis is nie eens geskrywe nie, sien. Het die Sewende Seël uitgelaat; hulle altwee het. En die openbaarder, toe God net gesê het daar was. . . Johannes het gesê: "Daar was net stilte in die Hemel." Jesus het nooit 'n woord Daaroor gesê nie.

¹⁹⁰ Let nou op, terug by die 12de vers, let op, geen Dier nie. Dis die 12de vers, begin nou met ons Seël, om dit geopen te sien. Hier word ook geen Dier, soos, die lewende Wesens, hier voorgestel nie, net soos dit by die Vyfde Seël was. Waarom? Dit het gebeur, aan die ander kant van die Evangelie-eeu, in die Verdrukkingsperiode. Hierdie Sesde Seël is die Verdrukkingsperiode. Dis wat plaasvind. Die Bruid is weg. Sien? Daar is geen lewende Wese of enigiets daar om dit te sê nie. Dis net. . . Nou, deel God nie meer met die Kerk nie; Dit is alreeds weg.

¹⁹¹ Hy deel met Israel, sien. Sien, dit is die ander kant, dit is wanneer Israel die Boodskap van die koninkryk ontvang het, deur die twee profete van Openbaring 11. Onthou, Israel is 'n volk, God se dienskneg, volk. En wanneer—wanneer—wanneer Israel ingebring word, sal dit 'n—'n volksgebeurtenis wees.

¹⁹² Israel, die koninkryk eeu, is waar Dawid. . . die Seun van Dawid, op die Troon sit. Dis waarom daardie vrou geroep het: "U Seun van Dawid!" En Dawid moet. . . Seun van Dawid! God het by Hom gesweer, aan Dawid, dat Hy Sy Seun sou laat opstaan wat sy troon sou inneem. Dit sou 'n ewigdurende troon wees. Sien? Dit sou geen einde hê nie. Salomo het dit, in 'n tipe, in die tempel gegee. En Jesus het so pas vir hulle hier gesê, dat: "Daar sal nie 'n klip op een van hulle oorbly nie." Maar Hy probeer hier vir hulle sê, wat sal. . . Hy kom terug.

"Wanneer kom U terug?"

¹⁹³ "Hierdie dinge sal plaasvind voor Ek terugkom." En hier is hulle!

Ons is nou by die tyd van die Verdrukking.

Onthou, wanneer die koninkryk gevestig word, op die aarde. . .

¹⁹⁴ Nou, dit mag 'n bietjie skokkend wees. En as daar 'n vraag is, en julle kan—julle kan my nog vra; as jy die vraag na vore wil

bring, nadat dit ingeroep is, en dit jou pas getref het; as jy nie het nie, het jy dit nog nie geweet nie.

¹⁹⁵ In die tyd van die Millennium, is dit Israel wat 'n volk is, die twaalf stamme as die volk.

¹⁹⁶ Maar die Bruid is in die paleis. Sy is nou die Koningin. Sy is getroud. En die hele aarde sal in hierdie stad, Jerusalem, inkom, en sal die heerlikheid daarvan daar inbring. “En die poorte sal nie toegemaak word, in—in—in die nag nie, want daar sal geen nag wees nie.” Sien? Die poorte sal altyd oop wees. “En die konings van die aarde,” Openbaring . . . :22, “bring hulle eer en heerlikheid in hierdie stad in.” Maar die Bruid is daarbinne by die Lam. O, goeiste! Jy kan dit sien, daarbinne! Nie. . . Die Bruid gaan nie hierbuite in die wingerde aan die werk wees nie. Nee, meneer. Sy is die Bruid. Sy is die Koning se Koningin. Dis die ander wat daarbuite werk, die nasie, nie die Bruid nie. Amen. Goed.

¹⁹⁷ Let nou op na hierdie boodskappers, hierdie boodskappers van die Openbaring . . . :12, hierdie twee profete, hulle gaan verkondig: “Die Koninkryk is op hande!” Sien? Die Koninkryk van die Hemel gaan gevestig word. Die tyd, laaste drie-en-'n-half jaar van Daniël se sewentigste week, wat vir die Jode, sy volk, belowe is. Onthou nou, dat, om dit te bewys, dat hierdie Daniël se laaste deel van die sewentigste week is. Ek het 'n vraag daarvoor vir môre. Sien?

¹⁹⁸ Nou, sewentig weke is belowe, wat sewe jare was. En in die middel van die sewe weke, moes die Messias afgesny word, om 'n offerande gemaak te word. Hy sou drie-en-'n-half jaar profeteer, en dan sou hy afgesny word, as 'n offerande vir die volk. En daar is nog 'n bepaling, daardie drie-en-'n-half jaar is nog vir Israel bepaal. Toe, toe die Messias afgesny is, is die Jood verblind sodat hy nie kon sien dit is die Messias nie.

¹⁹⁹ En, toe, toe die Messias afgesny is, toe het die Evangelie en genade tydperk vir die Heidene gekom. En hulle het nadergekom, en God het een van *hier* en *daar*, en van *hier* en *daar* getrek, en het hulle onder die boodskappers weggebêre; en *hier* en *daar*, en *hier* en *daar*, en hulle onder die boodskappers weggebêre.

²⁰⁰ En Hy het die eerste boodskapper uitgestuur, en hy het gepreek, en 'n basuin het weerklink; soos ons dit raakloop, na 'n ruk. En, dan, het die basuin oorlog verklaar. Basuin beteken altyd oorlog. Die boodskapper, die engel wat na die aarde toe gekom het, die boodskapper van die uur, soos Luther s'n, soos enigeen van die boodskappers waarvan ons gepraat het. Wat doen hy? Hy arriveer; en 'n Seël het oopgegaan, is geopenbaar; 'n basuin weerklink, oorlog is verklaar, en hulle gaan voort. En dan sterf die boodskapper. Hy seël hierdie groep weg; hulle word ingesit. En 'n plaag val op hulle wat Dit verwerp het. Sien?

201 Dan gaan dit voort, dan organiseer hulle, kry 'n ander organisasie. Ons het pas daardeur gekom. Dan, hier kom hulle uit met 'n ander krag, sien, 'n ander krag, 'n ander eeu van die kerk, 'n ander bediening. Dan, wanneer hy dit doen, daag God daar op met Sy bediening, wanneer die antichris met syne kom. Sien, *anti* is “teen.” Hulle loop sy-aan-sy.

202 Ek wil hê julle moet 'n ietsie oplet. Net omtrent die tyd toe—toe Kain na die aarde gekom het, het Abel na die aarde gekom. Ek wil hê julle moet oplet, net omtrent die tyd toe—toe Christus na die aarde gekom het, het Judas na die aarde gekom. Omtrent die tyd toe Christus van die aarde af is, is Judas van die aarde af. Net omtrent die tyd toe die—die Heilige Gees neergedaal het, het die antichris gees neergedaal. Net omtrent die tyd dat die Heilige Gees Homself hier in die laaste dae openbaar, wys die antichris sy kleure, kom na vore deur sy politiek en dinge. En net omtrent die tyd dat die antichris homself ten volle op die str- . . . op die toneel begewe; begewe God Homself ten volle op, om dit alles te verlos. Sien, loop net, net reg saam. En hulle is, albei, sy-aan-sy. Kain en Abel! [Broer Branham klap sy hande een keer—Red.] Die kraai en die duif, op die ark! Judas en Jesus! En net sovoorts, kan jy dit neem. Net . . .

203 Hier is Moab en Israel; albei van hulle. Moab was nie 'n heidense volk nie. Nee, meneer. Hulle het dieselfde offerhandes geoffer as wat Israel geoffer het. Hulle het tot dieselfde God gebid. Presies. Moab is geno- . . . Was een van Lot se dogters wat by haar pa geslaap het, en 'n kind gehad het. En daardie kind is Moab genoem. En uit hom het die Moab-ras ontspring, die land van Moab.

En toe hulle Israel, hulle verlose broer, sien kom het.

204 Hulle was fundamentaliste. Hulle was 'n groot denominasie. Israel het geen denominasie gehad nie; sy het net in tente gewoon en waar jy ook al gegaan het. Maar Moab het die hoogwaardigheidsbeksleërs, konings, ensovoorts gehad. En hulle het Bileam, 'n—'n valse profeet, daarbo gehad. En hulle het dit alles gehad. Toe het hulle daarheen gekom om hulle broertjie te vervloek wat op pad was na die beloofde land, na sy belofte gegaan het.

205 En hy het hulle gaan vra: “Kan ek deur julle land gaan? As my koeie water drink, sal ek daarvoor betaal. As hulle gras oplek, sal ons daarvoor betaal.”

206 Hy het gesê: “Nee. Julle gaan nie so 'n herlewing soos dié hierrond hou nie. Dis reg. Julle hou niks van dié aard hierrond nie.”

207 En kyk wat het hy toe gedoen. Hy kom toe reguit terug in die Isébel-vorm, en kom daar deur daardie valse profeet, en het die kinders van God laat fouteer. En het Moabitiese vroue in—in Israel ingetrou, en het egbreek veroorsaak.

208 En hy het dieselfde ding gedoen, in daardie selfde eeu, op die reis, op pad na die beloofde Land, waarop ons is. Wat het hy gedoen? Die valse profeet het heeltemal omgedraai en getrou, en het in die Protestantse kerk ingeroep, en het denominasies veroorsaak, net presies wat hulle destyds daar gedoen het. [Broer Branham klop vier keer op die preekstoel—Red.]

209 Maar klein ou Israel het net voortbeweeg, ongeag. Sy het vir 'n lang tyd in die wildernis vertoef, en al daardie ou vegters moes uitsterf, maar sy het reguit voortgegaan tot in die beloofde land. Ja. Ja. Kyk na hulle almal gewapen, net voor hulle die Jordaan oorgesteek het. Ha-ha! Ek hou daarvan. Nou kom ons nader na daardie eeu, sommer nou, nou hier. Let op.

210 Nou vind ons uit, dat, die tyd, laaste (het ek gesê) drie-en-'n-half jaar van Daniël se sewentig weke.

211 Nou laat ek dit 'n bietjie beter verduidelik, want ek sien iemand hier wat dit altyd dopgehou het, en ek—ek wil probeer om myself duidelik te maak; 'n leraar.

212 Let op wanneer die sewentig weke inkom. Toe Daniël die visioen gesien het van die tyd wat kom, en die voleinding van die Jode, maar hy het gesê daar is sewentig weke bepaal. Dis sewe jaar; in die middel daarvan, wel, sou die Messias hier wees, of, en sou afgesny word, as 'n offerande. Nou, dis presies wat gebeur het.

213 Toe, het God met die Heidene gedeel totdat hulle 'n volk vir Sy Naam uitgeneem het. Sodra die Heidense Kerk uitgeneem is, het Hy die Kerk opgeneem.

214 En toe Hy het, het die slapende maagd, die kerk self . . . Die Bruid het opgegaan. En die kerk self is geplaas in “buitenste duisternis, waar daar 'n geween, en 'n gekerm, en 'n gekners van tande is.” Terselfdertyd, val die Verdrukking op daardie mense.

215 En terwyl die Verdrukking val, kom hierdie twee profete van Openbaring 11 daar in, om die Evangelie aan hulle te verkondig. En hulle preek vir 'n duisend, eenhonderd . . . en sestig dae. Sien? Wel, dis presies, met dertig dae in die maand soos die werklike kalender het, is dit presies drie-en-'n-half jaar. Dis Daniël se sewentigste deel, laaste deel van die sewentigste week. Sien?

God het nie hier met Israel gedeel nie. Nee, meneer.

216 'n Broer het vir my gevra, nie lank gelede nie, gesê: “Moet ek gaan na . . .” 'n—'n Broer hier in die kerk, 'n kosbare, liewe broer, het gesê: “Ek—ek wil Israel toe gaan. Ek glo daar is 'n ontwaking.”

217 Iemand het vir my gesê: “Broer Branham, jy behoort sommer nou Israel toe te gaan. Hulle sal dit sien.” Sien, jy kan dit nie doen nie.

Ek het net daar gestaan, en ek het gedink . . .

218 Daardie Jode het gesê: “As ek . . . Wel, as dit, Jesus die—die Messias is,” het gesê: “laat ek Hom die teken van ’n profeet sien doen. Ons sal ons profete glo, want dis wat hulle—hulle veronderstel is om te wees.”

219 “Watter opset,” het ek gedink. “Hier gaan ek!” Toe ek daar gekom het, somer naby daaraan, somer . . . Ek was, wel, ek was in Kairo. En ek het my kaartjie in my hand gehad, vir Israel. En ek het gesê: “Ek, ek sal gaan, kyk of hulle daarvoor vra, as hulle ’n teken van ’n profeet kan sien. Ons sal sien of hulle Christus sal aanneem.”

220 Lewi Pethrus, van die Stokholm-kerk, het vir hulle ’n miljoen Bybel gestuur.

221 En daardie Jode wat daar inkom! Julle het die film gesien. Ek het dit nou op die spoel, net hieragter: *Drie Minute Voor Middernag*. En daardie Jode wat inkom, van dwarsoor die wêreld, oral, begin daar versamel.

222 Nadat Engeland daar ingegaan het, gedurende die tyd van Generaal Allenby, in *The Decline Of The World's War*, in die tweede volume, dink ek is dit, en hulle het oorgegee, die Turke het oorgegee, toe gee hy dit vir Israel terug. En sy het as ’n volk gegroei, en nou is sy ’n perfekte volk: haar eie geld, betaalmiddel, vlag, weermag, en alles anders. Sien?

223 En hierdie Jode, wat na die tuisland toe teruggekom het, hulle was . . . Eers, toe hulle daar in Iran ingegaan het, en daar in, om hulle te kry, het hulle gevra . . . Hulle het gesê . . . hy het gesê . . . Hulle wil hulle terugvat Israel toe, vir hulle hulle plek gee; hulle terugneem na hulle land, Palestina toe, waar hulle veronderstel is om te wees.

224 En, onthou, solank Israel buite daardie land is, is sy buite die wil van God; soos Abraham, vir wie dit gegee is. En toe . . .

225 Hulle wou nie op daardie vliegtuig klim nie. Hulle het nog nooit so-iets gesien nie. Daar het ’n ou rabbi daar afgestap, gesê: “Ons profeet het vir ons gesê, dat, wanneer Israel huis toe gaan, sal dit ‘op die vleuels van ’n arend’ wees,” op die vliegtuig, ’n manier om huis toe te gaan.

226 Daar is sy nou, aan die bou. Die vyeboom herstel! Amen! Die ou ses-punt ster van Dawid wapper!

227 “Die Heidene se dae getel, met verskrikkinge wat wag!” Die Verdrukingsperiode is op hande!

228 En staan net hier, en die Seëls word geopen, die Kerk gereed om Haar vlug in die lug te onderneem!

229 En die Verdrukking tree in, dan daal God neer en trek die honderd vier-en-veertigduisend daaruit. Amen! Daar, o, dis perfek! Sien julle nou waar die Seëls dit uitbring, sien, dit oopmaak? Nou, hierdie is die laaste drie-en-’n-half jaar aan die volk. Dit is ook, as julle sal oplet, die tyd dat God daardie

honderd vier-en-veertigduisend Jode sal roep, in hierdie laaste drie-en-'n-half jaar.

230 Sien, Hy het glad nie met hulle gedeel nie. Hulle het nie 'n profeet gehad nie. Hulle sal niks anders as 'n profeet glo nie. Jy kan hulle nie mislei nie. So, hulle gaan 'n profeet hoor, ja, meneer, en dis al. Dit, God het dit in die begin vir hulle gesê, en hulle bly net daarby.

231 Hy het gesê: “Die Here julle God sal 'n Profeet onder julle laat opstaan, soos ek.” Moses het dit gesê. En het gesê: “Na Hom moet julle luister. En wie ook al nie na daardie Profeet luister nie, sal afgesny word van die volk.” Dis reg.

232 En, julle sien, hulle oë moes verblind word, of hulle sou Hom herken het. In plaas daarvan, synde verblind, het hulle . . . Dit het Satan op hulle laat beland, en hulle het gesê: “Hy's 'n fortuinverteller, Beëlseub. Laat sy bloed op ons wees. Ons weet daar's niks aan hom nie.” Sien?

233 En die arme mense was verblind. Dis waarom die Eichmann-groep en daardie hele groep destyds daar doodgemaak is. Het 'n reg gehad om in te kom; hulle eie Vader moes hulle oë verblind sodat Hy ons kon neem.

234 Dis omtrent die mees patetiese ding in die Skrifte. Dink net daaraan, die Jode, wat uitroep vir die Bloed van hulle eie Vader, hulle eie God wat daar hang, bloeiend. Kyk: “Daar het hulle Hom gekruisig,” het die Bybel gesê. Dis die vier van die grootste woorde. Kyk. “Daar,” Jerusalem, die heiligste stad in die wêreld. “Hulle,” die heiligste volk in die wêreld. “Gekruisig,” die wreedste dood in die wêreld. “Hom,” die belangrikste Persoon in die wêreld. Sien? Waarom? Die godsdienstige mense, die grootste godsdien in die wêreld, die enigste ware godsdien in die wêreld, het daar gestaan, om die einste God wat hulle Bybel gesê het sou kom, te kruisig.

235 Waarom het hulle dit nie gesien nie? Die Bybel sê vir ons dat God hulle verblind het sodat hulle dit nie kon sien nie. Hulle . . . Hy het gesê: “Watter een van julle kan My van sonde beskuldig?” Met ander woorde: “As Ek nie gedoen het presies wat vir My voorspel is om te doen nie, sê dan vir My so.” *Sonde* is “ongeloof.” Hy het presies gedoen wat God vir Hom gesê het, maar hulle kon dit nie sien nie.

236 Nou wanneer jy met mense praat, is dit net soos om water op 'n eend se rug te gooi. Sien julle wat ek bedoel? Dis 'n jammerlike ding, wanneer jy hierdie nasies en mense sien, soos hulle maak, so styf en godsdien! Maar sê die Heilige Gees dit nie vir ons nie? “Hulle sal verraaiers wees, roekeloos, liefhebbers van genot meer as liefhebbers van God, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, en sonder liefde vir die goeie. Hulle sal 'n gedaante van godsaligheid hê, maar sal die Krag van

die Evangelie verloën.” Het gesê: “Keer jou ook, van hierdie mense af.”

²³⁷ Hier is dit, hierdie denominasionaliste verdraai Dit. Hulle neem al die heerlikheid en Krag, plaas Dit terug by die apostels, en die res Daarvan oorkant in die Millennium. Dis net soos ’n mens, soos ek al vantevore gesê het; ’n mens prys God vir wat Hy gedoen het, sien uit na wat Hy nog sal doen, en ignoreer wat Hy nou besig is om te doen. Dis presies. Die mens is steeds dieselfde ding.

²³⁸ Daar was daardie Jode wat daar gestaan en sê het: “Glorie aan God! Wel,” in die 6de hoofstuk van Johannes, gesê het: “ons vaders het manna geëet in die woestyn!”

En Jesus het gesê: “Hulle is, elkeen, dood.”

²³⁹ “Hulle het water uit die Rots gedrink in die woestyn en alles.”

²⁴⁰ Hy het gesê: “Ek is daardie Rots.” Dis reg. Amen. Hy het gesê: “Maar Ek is die Brood van die Lewe wat van God uit die Hemel gekom het, daardie Boom van die Lewe destyds daar uit Eden. As ’n mens hierdie Brood eet, sal hy nie sterwe nie; Ek sal hom weer opwek in die laaste dae.” En steeds kon hulle dit nie sien nie! Dis reg.

²⁴¹ Die einste Messias het daar gestaan, die woorde van hulle hart vertel, en sulke dinge, getoon dat Hy die Messias was, presies wat die Messias veronderstel was om te doen!

²⁴² En hulle het daar gestaan met hulle hande agter hulle, en “Huh! Dit kan nie wees nie. Nee, nee. Hy—hy—hy het nie op die regte manier gekom nie. Sien, hy kom uit Betlehem. En hy—hy’s maar net ’n buite-egtelike kind. En dis die duiwel wat in hom werk. Ons—ons weet hy’s mal. Hy’s gek. Hy het ’n duiwel.” Sien? Hulle oë was werklik verblind daarvoor.

²⁴³ Nou, maar hulle soek na hulle profeet. En hulle gaan dit ontvang, gaan twee van hulle ontvang. Dis reg.

²⁴⁴ Nou let nou weer op, ook, wanneer hierdie Jode . . . Ek sal vir julle nog ’n simbooltjie gee, sodat julle kan besef dat dit, hier, nou Jode is, aan hierdie kant van die Wegraping. Kyk wat vind plaas. Dit word ook gesimboliseer . . . Ons sal nie tyd gebruik om dit te doen nie, want ons—ons raak hier agter. Ook gesimboliseer in die . . . in wat genoem word “Jakob se benoudheid.” Nou kyk. Hierdie Jode hier het . . . Let op. O, dis ’n . . .

²⁴⁵ Ek—ek—ek gaan net ’n bietjie tyd hier gebruik, sien. Dit maak my senuweeagtig as ek so begin rondspring. En . . . Sien? Let op. Ek wil hê julle moet dit sien. En ek—ek—ek net . . . Wel, God sal dit vir julle wys, ek is seker. Kyk.

²⁴⁶ Jakob het die geboortereg gehad. Is dit reg? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Maar hy was beslis ’n klein skelm daarmee. Sien? Hy het sy pa gaan bedrieg. Hy het sy broer bedrieg. Hy het alles

gedoen. Maar, tog, wettig, op stuk van sake, het hy dit gehad, want Esau het uitverkoop. Maar dan wanneer hy afgaan om vir sy skoonpa te gaan werk, sit hy daardie populierlatte in die water, om daardie dragtige beeste en goed gespikkelde kalwers te laat voortbring. En, o, julle weet van al die tipe goed wat hy gedoen het, net om—om geld in die hande te kry. Nou kyk, nou. Hy is deur sy mense verstoot.

²⁴⁷ Nou, dis 'n tipe van die Jood nou. Hy is 'n geld-vatter. Ek gee nie om hoe hy dit kry nie, hy sal dit kry. Hy sal jou lewendig afslag, om dit te kry. Nou, julle weet dit. Hy is 'n klein skelm, dis al. Kêrel, moenie met hom handel dryf nie; hy—hy sal jou sommer inloop, man. Ja, meneer. Hoekom? Hy moet dit wees. Dis die soort gees wat domineer.

²⁴⁸ Presies net soos daardie hervormers, kon nie hierdie Woord verstaan nie, want dit was die gees van die man wat na hulle toe gestuur is.

²⁴⁹ Dis die arend-eeu wat die Woord en die openbaring kry. Almal wat dit verstaan, steek julle hande op, sodat ek. . . Dis goed. Dis mooi. Sien? Dis goed. Nou, sien, as jy hier onder hierdie Seëls kan kry, as Hulle ooit. . . Wanneer Hulle oopgemaak word, kan jy presies sien wat God besig is om te doen, wat Hy gedoen het, wat Hy nog gaan doen. Hier is dit, presies.

²⁵⁰ En dis waarom mense so opgetree het, want dis die gees wat vir daardie eeu voorspel is, om op hulle te wees. Hulle kon niks anders doen nie.

²⁵¹ Ek dink aan Johannes, Paulus, en hulle, daardie Leeugees daar, die l-e-e-u wat daar staan, die Woord Self.

²⁵² Paulus het reg by daardie Woord gestaan, en gesê: “Ek weet dit, dat daar valse broers sal wees wat onder julle opstaan, rondgaan. En wat hulle sal maak, denominasies en wat nog, onder julle, en wat hulle sal doen. En dit sal aanhou tot die laaste dae, en afgryslike tyd.” Waarom? Hy was 'n profeet. Daar het daardie Woord in hom gestaan. Hoe dit sou eindig, ver daarvandaan; het gesê: “Valse manne sal onder julle opstaan, en dinge sê, en broers weglok wat dissipels is.” Dis presies die antichris. Dit het net presies so gemaak.

²⁵³ Let op nadat hulle in die donkereeu van die verdrukking ingegaan het. Wat was dit? Daar was niks wat hulle kon doen nie. Rome het besit die. . . Hy het die godsdienstige mag gehad, en hy het die politieke mag gehad. Was niks wat hulle kon doen, behalwe om bloot te arbei om aan die lewe te bly, en hulleself as offerande te gee nie. Dit was 'n os. Dis al wat hulle kon doen. Dis die soort Gees wat hulle gehad het, die Gees van God, die os.

²⁵⁴ Toe, hier kom die hervormers, die kop van 'n mens, slim, wys; Martin Luther, John Wesley, ensovoorts, Calvyn, Finney, Knox, die res van hulle. Hier het hulle na vore gekom, en, toe hulle

het, was hulle hervormers. Hulle het na vore gekom, gehervorm, mense uitbring.

255 En het reguit omgedraai, presies soos hulle destyds gemaak het, en weer reguit onder haar ingetrou, met hulle denominasionele stelsel, net presies so. Die Bybel het so gesê. Sy was 'n “hoer,” en toe het sy “hoere,” die dogters, gehad, presies net so.

256 En God het gesê: “Ek—Ek het haar kans gegee om te bekeer, en sy het dit nie gedoen nie. So Ek gaan haar en haar nageslag neem, hulle uitwerp daar waar hulle hoort.” Dis presies. Nou, dit, God het dit gesê, onder hierdie, sien, onder die Seël. Nou, daar was sy. Ons vind uit dat Hy dit doen, en Hy sal dit doen. En hulle is, almal, op pad daarheen.

257 Maar, almal wie se name in die Boek van die Lewe is, sal God roep. Hulle sal Dit hoor. “My skape luister na My Stem,” het Jesus gesê. Al wat ons hoef te doen, is 'n skaap-roep gee. Bokke ken Dit nie. Let op. Maar, julle sien, die skaap-roep: “My skape luister na My Stem.” Waarom? Wat is die Stem? Ek wil vir julle sê wat 'n Stem is. 'n Stem is 'n—is 'n geestelike teken.

258 Hy het vir Moses gesê: “As hulle nie na die Stem van die eerste teken luister nie, sal hulle na die Stem van die tweede teken luister.”

259 “My skape luister na My Stem.” Wanneer hierdie dinge veronderstel is om plaas te vind in die laaste dae, herken God se skape Dit. Ja, meneer. Sien? Hulle—hulle herken Dit. “My skape ken My.” Sien? “Vreemdeling sal hulle nie volg nie.” Moenie daardie vreemdeinge volg nie. Dit moet 'n bevestigde teken van die dag wees, en hulle sien Dit. Nou, nou let op.

260 Nou, Jakob, soos hy nou opgekom het, voor jy jou kom kry, het hy 'n verlange gehad om (waarnatoe?) te gaan, terug na die tuisland.

261 O, dis presies wat Israel gedoen het! Dis—dis. . . Dis Israel. Jakob is Israel. Sy naam is net verander, julle weet. Sien? En hy's. . .

262 Hy is daar uit, en hy het al die geld bekom wat hy gehad het, en wat hy kon kry, en het dit gevat op enige manier wat hy kon, van sy familie of enigiemand anders. So, met kul, steel, lieg, enige manier wat hy dit kon kry, het hy dit gekry. Sien? Hy het.

263 En toe, toe hy afsit terug huis toe, hy het 'n gevoel van heimwee in sy hart gekry. Maar soos hy begin teruggaan het, op sy pad terug, het hy God ontmoet, toe is sy naam verander. Sien? Maar, in hierdie tyd, was hy so bekommerd, want hy was bevrees Esau kom agter hom aan. Sien?

264 En—en kyk, kyk na die geld, die geld-proposisie. Net soos die Jood sal probeer om hierdie verbond te sluit met—met Rome, sien, met hulle geld-proposisie. Let dit op. Dat Esau nie sy geld

nodig gehad het nie; Rome ook nie. Sy het die rykdom van die wêreld in haar hand. Sien? Maar dit het nie gewerk nie.

265 Maar ons vind nou uit, dat Israel, in daardie tyd van benoudheid, toe hy Jakob was, het hy geworstel met die. . . wat 'n houvas gekry het op Iets egs. Daar was 'n Man wat daar afgekom het. Jakob het sy arms om Hom gekry, en daar het hy gebly. En die—en die—die Kêrel het gesê: “Ek moet nou gaan. Dit word dag.” O, daardie breek-van-die-dag! Sien? Dit het begin dag word.

266 Maar Jakob het gesê: “Ek—ek gaan U nie verlaat nie. U, U kan nie gaan nie. Ek gaan net hier by U bly.” Sien? “Ek wil dinge hier laat verander.”

267 Dis daardie honderd vier-en-veertigduisend, daardie klomp geld-beheptes, en sulke dinge, wanneer hulle die ware, egte ding sien om aan vas te hou. Daar staan Moses, en daar staan Elia. Amen! Hulle sal met God worstel totdat honderd vier-en-veertigduisend van die stamme van Israel net daar uitgeroep is.

268 Dis net voor die Verdrukkingsperiode, sien, (o hoe wonderlik) ook: “Jakob se benoudheid.”

269 Dis hier waar die honderd vier-en-veertigduisend uitgeroep word. Hulle, die—die predikers, daardie twee profete, hulle preek soos Johannes die Doper het. “Die Koninkryk van die Hemele is op hande. Bekeer, Israel!” Bekeer waarvan? “Bekeer van julle sondes, julle ongelooft, en keer terug na God!”

270 Nou laat ons iets hier onthou. Hierdie groot gebeurtenisse, in die natuur, het al vantevore gebeur. In hierdie 12de vers hier, sien: “Die son het swart geword soos 'n harige sak.” Nou vergelyk dit.

271 Nou, onthou, dit gebeur nie in die Heiden nie. Dis Israel. Laat ek vir julle wys. Nou, onthou, ek het gesê dit roep die honderd vier-en-veertigduisend uit. Sien? Nou hierdie tyd, is wanneer die Verdrukking, wat dit moet doen. En hier word gesê wat in hierdie Verdrukking gebeur.

272 Nou kom ons blaai na Eksodus 10:21-23. En kyk hier wanneer. . . Eksodus is toe, natuurlik, Israel uitgekom het, uitgeneem gaan word. Eksodus, die 10de hoofstuk, en die 21ste, 23ste vers. Ek is so opgewonde, en aan die uitroep, wanneer ek hierdie notas neerskryf, dat ek hulle partykeer deurmekaar kan hê. Goed, Eksodus 10:21-23. Goed, hier gaan ons, 21 en 23.

Verder het die HERE vir Moses gesê, Steek jou hand na die hemel uit, en daar sal duisternis oor Egipteland kom, sodat 'n mens die duisternis kan gryp.

Toe Moses sy hand uitsteek na die hemel; kom daar 'n dik duisternis in die hele Egipteland, drie dae lank: (Sien?)

Nou, die een het die ander nie gesien nie, en niemand het van sy plek af opgestaan, drie dae lank nie: maar . . . die kinders van Israel het lig in hulle woonplekke gehad.

273 Let op, net presies, kom nou hiernatoe: “En die son het swart geword soos ’n harige sak.” Sien, dieselfde ding! Hierdie gebeurtenisse van die natuur, wat was dit? Wat? Toe dit so in die natuur gebeur het, was dit God wat Israel roep. Sien? God roep Israel uit. Nou: “Son so swart soos . . . hare.” Nou, God was op die punt om Israel daar te verlos, goed, hulle te bring uit hulle vyand se hand, wat Egipte was, op daardie tydstip.

274 Nou, hier, bring Hy hulle uit die Roomse hand, waar hulle hulle verbond gesluit het. Dieselfde ding gebeur. Dis die plaë, die—die tyd wanneer hierdie plaë sal roep wat hierdie groep Heidene sal teister. As ons tyd gehad het, sou ek kon wys wat gaan gebeur met daardie Heidense kerk.

275 Die Bybel het gesê, dat: “Die—die draak, Satan, was toornig (dis, kwaad) vir die vrou (die Jood, Israel), en hy het water uit sy mond gespuit, digtheid en menigtes mense, wat oorlog gaan maak het met die oorblyfsel van die vrou se saad.” Openbaring 13. Nou, kyk daar, het ons dit. En dis toe dat Israel haar gestuur . . . ek bedoel, Rome haar leër agter die oorblyfsel, die oorblyfsel van die vrou se saad, aanstuur.

276 Nou kyk. Die eerste keer, hulle vyand se hande, toe Hy hulle daaruit verlos het, het die son geword soos sak- . . . swart soos harige sak. Nou, dié is die tweede keer, die einde van die Verdrukkingsperiode.

277 Nou, in Daniël 12. As ons tyd gehad het, kon ons dit gelees het. In Daniël, die 12de—die 12de vers . . . 12de hoofstuk, liewer. Daniël het gesê: “Elkeen wat in die Boek opgeskrywe staan, sou verlos word.” Nou, onthou, Daniël praat nou van hierdie periode wanneer hierdie . . . hierdie ding veronderstel is om te gebeur, wanneer Israel verlos moet word, wanneer die—die einde van hulle sewentigste week. En dis wanneer hulle veronderstel is om verlos te word. Nou kyk. Laat ons hier by Daniël 12 kom, net ’n oomblik.

En in dié tyd sal Migael . . . opstaan, die groot prins wat gestaan het vir die kinders . . . oor—oor die kinders van jou volk staan (sien, dis Jode) optree: en dit sal ’n . . . benoudheid, wees soos . . . nie gewees het vandat ’n volk bestaan het tot op dié tyd nie: . . .

278 Nou vergelyk dit, presies wat Jesus gesê het, Matthéüs 24: “Daar sal ’n tyd van benoudheid wees, soos daar nog nooit was vandat daar ’n nasie was nie.” Kyk na die Sesde Seël, sien, dieselfde ding, ’n tyd van benoudheid. Let op.

. . . vandat ’n volk bestaan het tot op dié tyd nie: maar in dié tyd sal jou volk . . . (Nou, in hierdie sewentigste,

laaste deel van die sewende jaar.) . . . *jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan.*

279 Die voorbestemdes, julle sien, wat geskryf is in die Lam se Boek van die Lewe, sal gered word in daardie tyd.

En baie van dié wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, en sommige tot die ewige lewe, en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.

Nou, en die verstandiges sal *glinster soos die glans van die uitspansels; en—en dié wat baie tot regverdigheid lei, sal skyn soos die sterre vir ewig en altyd.*

280 Dit, het toe voortgegaan, vir Daniël gesê om “die Boek toe te maak,” want hy sou rus in sy lot tot daardie tyd toe.

281 Nou, sien, dit maak nie enige verskil of jy lewe of sterwe nie. Jy kom, in elk geval, na vore. Sien? Moenie. . . Dit, doodgaan, is niks vir ’n Christen nie. Hy sterf in elk geval nie. Sien?

282 Nou, Daniël 12, het gesê dat elkeen wat in die Boek opgeskrywe is, sou gered word.

283 Hier, is God op die punt om Sy tweede seun, Israel, te red, na die Verdrukking. Sien, die tweede keer, Israel, Sy. . . Israel is Sy seun. Julle weet dit. Israel is God se seun, so Hy gaan hom hier in die Verdrukingsperiode verlos, presies net soos Hy daar in Egipte gedoen het.

284 Nou, laat ons weer hier ophou, en—en iets anders neem, so, voor ons dit tuisbring. Nou kyk hier. Hierdie twee profete, kyk wat gaan hulle nou doen, net soos Moses—hulle daaronder gedoen het. “En daar is vir my ’n riet gegee. . .” En die 3de vers van die 11de hoofstuk.

En Ek sal aan My twee getuies krag gee dat hulle, met sakke beklee, duisend tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer.

Hulle is die twee olyfbome, . . .

285 Julle onthou dat, en Serubbábel, ensovoorts, die tempel moes herbou.

. . . en die twee kandelare wat voor die God van die aarde staan.

. . . as iemand hulle . . . beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond, . . .

286 Onthou, uit die mond van Christus kom die swaard, Woord.

. . . verslind hulle vyande: en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier gedood word.

287 Nou, ons weet, die “vuur.” In die 19de hoofstuk, oor die Koms van Christus: “het Sy swaard uit Sy mond uitgegaan,” wat die Woord was. Is dit reg? Die Woord! O, as julle nou maar

hierdie materiaal sal begryp, vir daardie Seël môre-aand! Sien, die Woord is die ding waarmee God Sy vyand verslaan. Sien?

288 Nou kyk hier. Wanneer hierdie profete daar profeteer, word hulle . . . As enigiemand hulle mishandel, hulle skade aandoen: “gaan daar vuur uit hulle mond uit,” Heilige Gees Vuur, die Woord. Die Woord is God. Woord is Vuur. Woord is die Gees. Sien? “Gaan uit hulle mond uit.”

289 Kyk na Moses. Laat ons sien wat uit sy mond uitgekom het. Hulle, Israel, het sover gegaan, met wat hulle daar gedoen het, die—die. . . Ek bedoel, Egipte, hulle het hierdie Jode mishandel. Moses . . . Wel, hulle wou hulle nie laat gaan nie. Farao wou nie. God het die woorde in Moses se mond geplaas. Sien, dis God se gedagtes wat in Moses se hart ingaan; nou gaan hy daarnatoe oor om dit uit te druk, dan word dit die Woord. Het sy hand uitgesteek, gesê: “Laat daar vlieë wees,” en hier het vlieë gekom. Kyk hier.

En as iemand hulle seermaak, gaan daar vuur uit hulle mond uit en verslind hulle vyand . . .

290 Sien? Daar is dit. Hulle kan sê wat hulle wil, en daar gebeur dit. Amen!

. . . en as iemand hulle . . . beskadig, moet hulle op dieselfde manier gedood word.

291 Broer, God kom hier op die toneel aangery!

Hulle het mag om—mag om die hemele te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie geen reën val nie: . . .

292 Elía, hy weet hoe om dit te doen; hy het dit al vantevore gedoen. Amen! Moses weet hoe om dit te doen; hy het dit al vantevore gedoen. Dis waarom hulle teruggehou is. Nou . . . Amen!

293 Ek sou iets vreeslik goed net hier kon sê, maar ek moet dit liewer—liewer tot môre-aand laat wag. Sien? Goed.

. . . en het mag oor die waters, om dit in bloed te verander, en om die aarde te tref met . . . plae, so dikwels as hulle wil.

294 Wat is dit? Wat kan hierdie dinge bring behalwe die Woord? Hulle kan met die natuur maak net soos hulle wil. Hier is dit. Hulle is die een wat hierdie Sesde Seël laat kom. Hulle onthul en maak dit oop. Dis die Krag van God, om die natuur te onderbreek. Sien, die Sesde Seël is heeltemal ’n onderbreking van die natuur. Begryp julle dit nou? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Daar is jou Seël. Wie doen dit? Dis die profete, aan die ander kant van die Wegraping. Met die Krag van God, die Woord van God, bestraf hulle net die natuur. Hulle kan aardbewings stuur, die maan in bloed verander, die son kan ondergaan, of enigiets, op hulle bevel. Amen!

295 Daar het jy dit. Daar het jy dit. Sien? Sien hoe die Seëls oopgegaan het, daar in die kerkeeu, hoe dit die martelare gewys het?

296 En nou hier is hierdie twee profete, wat hier staan met die Woord van God, om enigiets aan die natuur te doen wat hulle wil. En hulle skud die aarde. En dit wys presies wie dit doen. Dis Moses en Elía, want daar is hulle bediening weer herverpersoonlik, dis beide manne. O, goeiste! Sien julle dit nou? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Sien wat die Sesde Seël is? Dis daardie profete. Nou let op. Moenie dat dit julle verstik nie. Maar, kyk wat het daardie Seël oopgemaak, profete! Sien? Sjie! Amen! Daar het jy dit.

297 O, ons lewe in die arend-dag, broer, kop bo tussen die wolke!

298 Hulle het daardie Sesde Seël oopgemaak. Hulle het die mag om dit te doen. Amen! Daar gaan jou Sesde Seël oop. Sien?

299 Nou keer ons reguit terug hiernatoo, en Jesus het gesê dit sou plaasvind. Daar ver terug in die Ou Testament, daar in Eségiël, daar in die ou profete, het hulle gesê dit sou plaasvind.

300 En hier het die Sesde Seël oopgegaan, en hulle sê: “Wel, dis ’n misterieuse ding. Wat het dit laat gebeur?”

301 Hier is die geheim daarvan, die profete, want die Bybel het hier so gesê. Hulle kan dit oopmaak, elke slag as hulle. . . Hulle kan enigiets aan die natuur doen wat hulle wil. En hulle doen dieselfde ding wat hulle al gedoen het, amen, want hulle weet hoe dit gedoen word. Amen! Glorie!

302 Toe ek dit gesien het, het ek net uit die stoel uit opgestaan en op-en-af oor die vloer begin loop. Ek het gedink: “Here, hoe dank ek U nie, Hemelse Vader!”

303 Daar is dit. Dit is dit. Hulle het daardie Sesde Seël oopgemaak. Amen! Kyk na hulle: “As iemand hulle beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond uit,” die Woord. Heilige Gees het op die apostels gekom, julle sien. “Vuur het uit hulle mond uitgegaan.”

304 Nou let op, oorkant in Openbaring 19, sien ons dieselfde ding: “En ’n groot swaard gaan uit Sy mond uit,” Woord. Sien? Christus se Koms. “En Hy het Sy vyande Daarmee verslaan.” Is dit reg? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Nou is Hy op Sy pad. Hou Hom nou dop. Goed.

Hulle het mag om die hemele te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie geen reën val nie: . . .

305 Man, dis nou die natuur onderbreek! Nou, vir hoe lank het—het hierdie man, Elía, die hemele gesluit? [Gemeente sê: “Drie-en-’n-half jaar.”—Red.] Daar het jy dit, presies. Hoe lank is Daniël se sewentigste, laaste deel van die sewentig weke? [“Drie-en-’n-half jaar.”] Daar het jy dit, presies.

306 Wat het Moses gedoen? Hy—hy—hy het die—die water in bloed verander. Hy het al hierdie soort wonderwerke gedoen, presies net wat hier voorspel word onder hierdie Sesde Seël. En hier is hulle, in Openbaring 11, besig om presies dieselfde ding te doen. Amen!

307 Daar is drie verskillende plekke in die Skrifte, net daar, wat die ding presies inmeekaarskakel. Dis die oopmaak van die Sesde Seël. Net daar is dit. Amen! Glorie! Nou let op.

Hulle het mag om die hemele te sluit, in die dae van hulle profesie, sodat dit nie sal reën nie: en . . . mag oor die waters om dit in bloed te verander, . . . om die aarde te tref met . . . plaë, so dikwels as wat hulle wil.

308 O, goeiste! Daar het jy dit. Nou blaai reg hierheen na die plaë toe, sien. Die hele natuur word onderbreek, in hierdie Sesde Plaag . . . of die Sesde Seël, oop. Dis presies wat gebeur het. Nou kyk. Die . . .

309 Hier, is God op die punt om Sy seun, Israel, te red, op dieselfde manier van die verdrukking wat Hy destyds gedoen het. Hy het Moses daarnatoe gestuur en Israel verlos. Is dit reg? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] En hy het presies hierdie selfde dinge gedoen. Hy het vir Elía na Agab toe gestuur, en seweduisend het uitgekom. Is dit reg? [“Amen.”] Hy stuur hulle weer reguit terug hiernatoe, in die tyd van die Verdrukking, en roep die honderd vier-en-veertigduisend uit.

310 Nou, sien, julle let op, tussen Openba- . . . of tussen die 6de hoofstuk, of die Sesde Plaag . . . Seël, verskoon my, die Sesde Seël en die Sewende Seël. Die 7de hoofstuk van Openbaring, wiskundig, reg saamgestel.

311 Net soos Amerika nommer dertien is: dertien state het dit mee begin, dertien sterre in die vlag, dertien kolonies, dertien strepe. Alles is dertien, dertien. En verskyn net hier in die 13de hoofstuk van Openbaring. Dis reg. Sy is dertien, en 'n vrou.

312 Nou, toe Hy op die punt was om Sy eniggebore Seun te verlos, wat Sy eniggeborene was. Jakob is Sy seun; maar hierdie is Sy eniggebore Seun. Matthéüs 27, kom ons kyk wat Hy daar gedoen het. Matthéüs, die 27ste hoofstuk. Nou, onthou, Sy Seun is geslaan, en was benoud, en hulle het Hom bespot. En Hy het nou aan die kruis gehang, om drie-uur op Goeie Vrydagmiddag. Net gereed om plaas te vind! Matthéüs, 27ste hoofstuk van Matthéüs, en die—die 45ste vers, dink ek is dit.

En van die sesde uur af het daar duisternis gekom oor die hele aarde tot die negende uur toe.

313 Nou let op wat Hy nou net weer presies hier gedoen het, hiermee. Sien?

En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, . . . kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son

het swart geword soos 'n harige sak, en die maan—en die maan het geword soos bloed;

314 Donkerte, duisternis! Egipte; donkerte, duisternis!

315 God, red Jesus aan die kruis, net voor Hy Hom uit die opstanding teruggebring het. Eers, duisternis; son het ondergegaan in die middel van die dag, en sterre wou nie skyn nie. Twee dae daarna, sou Hy Hom opwek met 'n magtige triomf.

316 Nadat die son, en maan, en sterre, en alles, in Egipte, dit alles plaasgevind het, het Hy Israel verlos na die beloofde land.

317 Hier is dit, in die Verdrukkingsperiode, en hier staan daardie profete wat die beheer van die Woord het wat God vir hulle gee. Hulle kan net praat soos wat God vir hulle die Woord gee.

318 Nou, hulle is nie gode nie. Hulle is tydelik . . . As amateurs, is hulle, want Jesus het gesê hulle is. Het gesê: “Julle noem hulle gode, na wie die Woord van God gekom het.” Maar, kyk, dis diegene aan wie God die Woord gebring het. En wanneer hy Dit spreek, gebeur dit. Dis al.

319 En hier is hy met 'n opdrag van God, om die aarde te slaan, hoe hy ook al wil (o, goeiste), die hemele te sluit. En hy doen dit. Waaroor gaan dit? Hy maak klaar om die honderd vier-en-veertigduisend uit te neem, vir verlossing, vanuit die Boek van Verlossing. En dis onder die Seël van Verlossing, in die Sesde Seël. Dis dit, my liewe vriend. Dis daardie Sesde Seël; was so verberge gewees.

320 Kom ons vat net . . . Ons het nog tien minute. Kom ons vat net 'n bietjie, sien. Ek het omtrent twee of drie bladsye. Wel, ek het . . . Julle kan self sien, *hier*. Ek dink daar's omtrent . . . Oor daardie een, dink ek het ek omtrent nog vyftien bladsye oor, waarby ek sou kon uitkom. O, daar's soveel daaroor! Goeiste, jy kan net aanhou gaan van plek-tot-plek! Maar ek is bevrees ek sal julle deurmekaar maak as ek te veel rondspring. En ek is nie . . . Ek kan dit nie bymekaar hou soos ek behoort te nie.

321 In Jesaja, laat ons dit neem. Jesaja, die profeet, het hierdie Sesde Seël oop gesien, en het Daarvan gepraat; soos of Dit belangrik is, of nie. Sien?

322 Wel, die hele ding, die hele verlossingsplan, lê onder hierdie Seëls; die hele Boek.

323 Nou onthou, ons het gesien dat Jesus Dit gesien het. Is dit reg? Sien? Jesus het Dit gesien. En nou vind ons ander wat Dit gesien het. Ons vind Dit uitgebeeld in—in Jakob. Ons vind Dit uitgebeeld in Egipte. Ons sien Dit uitgebeeld aan die kruis.

324 Nou laat ons teruggaan na Jesaja. Ek het heelwat meer profete ook hier neergeskryf. Laat ons net . . . Ek hou hiervan, dié van Jesaja. Laat ons teruggaan hier na Jesaja, die 13de hoofstuk van Jesaja. Ek hou . . .

325 Jesaja is die—die volledige Bybel, in Sigself, julle weet. Het julle dit gewet? Sien, Jesaja begin met die skepping; in die middel van die Boek bring hy vir Johannes in; en teen die einde bring hy die Millennium in. En daar is ses-en-sestig Boeke in die Bybel, en ses-en-sestig hoofstukke in Jesaja. Dis die volledige ensiklopedie, Self.

326 Let op, 13de hoofstuk nou, van—van Jesaja. Kom ons begin hier by die 6de vers.

Huil julle; want die dag van die HERE is naby; hy kom as 'n verwoesting van die Almagtige.

327 Kyk hoe hierdie Sesde Seël nou hier oopgaan. Hier ver terug, sewehonderd-en-dertien jaar voor Christus gekom het, en Hy was al tweeduisend jaar, dit sal wees omtrent sewe. . . omtrent sewe-en-twintighonderd jaar gelede. Jesaja het hierdie Seël daar sien hang. Goed.

Daarom word al die hande slap, en elke mensehart versmelt:

328 Wat het Jesus gesê? “En omdat die ongeregtigheid sal toeneem, sal die—die liefde van die meeste verkoel.” “En mense se harte sal beswyk, van vrees; die see aan die brul.” Sien, mense se hart sal beswyk.

En hulle is verskrik: kry krampe van weë; hulle krimp inmekaar soos een wat baar; die een kyk die ander verbaas aan; hulle gesigte is beskaamd.

329 Let hier daarna op, o: “hulle gesigte, beskaamd.” Ons moet daarby uitkom, net 'n oomblik. Ek gaan daarmee wag, sien.

Kyk, die dag van die HERE kom, verskriklik, met grimmigheid en toornloed, om die aarde 'n woesteny te maak: en sy sondaars daaruit te verdelg.

330 “Die aarde,” dis alles daarvan, daarvan julle sien. Let op.

Want die sterre van die hemel en sy konstellasies sal hulle lig nie laat skyn nie: die son is duister by sy opgang, en die maan laat haar ligte nie skyn nie,

En Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek, en aan die ongeregtigheid, en die boosheid van hulle ongeregtigheid; en Ek sal die arro- . . .

331 Ek—ek weet nie hoe om dit te spel nie, arro- . . . [Gemeente sê: “Arrogansie.”—Red.] Ek kan dit nie sê nie, sien.

. . . van die vermeteles laat ophou, en die hoogmoed van—van die tiranne—tiranne verneder.

332 Sien, daar, net presies, Jesaja het dieselfde ding gesien waarvan Jesus gepraat het. Wat die Sewende Seël openbaar. Wanneer Hy die aarde reinig deur verdrukking, dis die Verdrukkingsperiode, hierdie Sesde Seël. Ja, hy was 'n profeet,

en die Woord van God is aan hom bekendgemaak. Dis sewe-en-twintighonderd jaar gelede.

333 Waarlik! Ek wil net dit sê. Die hele wêreld, volgens Jesaja hier, “soos ’n vrou in barensnood,” die hele skepping is in barensnood. Waaroor gaan al hierdie gekreun en barensnood? Soos ’n—’n—’n vrou wat moeder gaan word; die aarde self, die natuur.

334 Wel, hierdie stad hier, kom ons vat ons eie stad; wanneer, bierhole, en prostitusie, en vuilheid, en skuim, soos enige ander stad!

335 Wel, ek dink God sou beter daaraan toe wees, om daarna te kyk soos Hy dit gehad het, ’n duisend jaar gelede. Wanneer die Ohio afgekom het, het hulle geen opdammings en vloede gehad nie. Hulle het geen sonde in die vallei gehad nie. Die buffels het hierlangs deurgetrek, en—en die ou Cherokee het hom gejag en ’n heel goeie lewe gemaak. Daar was geen moeilikheid, hoegenaamd nie.

336 Maar, die mens het ingekom, dit is net daar waar sonde inkom. Toe die mense begin vermeerder het op die aarde, toe het sonde en geweld begin. Dis reg, altyd die mens. Wel, ek dink dis ’n skande!

337 Ek het, nou die dag, gestaan, daar in my tuisland, nou in Arizona. En ek—ek het, toe ek ’n kind was, van Geronimo, en—en Cochise, en daardie ou Apaches gelees. Want, ek het daarbo vir hulle gepreek. Goeie mense! En party van die beste mense wat jy wil ontmoet, is daardie Apache Indiane.

338 En toe is ek daar oor na—na Tombstone toe, waar hulle al die ou oorblyfsels en dinge van die oorlog het. En ek het gekyk na . . . Hulle het altyd, julle weet, hulle het altyd vir Geronimo as—as ’n skurk uitgemaak. Vir my, was hy ’n volbloed Amerikaner. Absoluut! Hy het net vir sy regte geveg, soos enigeen sou doen. Hy wou nie daardie besoedeling in sy land gehad het nie. En kyk wat is dit nou; maak van sy kinders, sy dogters, prostitute, en wat nog; en die witmense het daar ingekom. Die witman is ’n skurk.

339 Die Indiaan was ’n konserwatiewe. Hy was ’n—hy was ’n—’n bewaarder. Hy sou uitgaan en ’n buffel doodmaak, die hele stam eet alles wat daarvan oor was. Hulle het die vel gebruik vir klere en tente, en alles. En die witman het dit kom skiet, as ’n teiken; wel, dis so ’n skande!

340 Ek het ’n artikel in die koerant gelees, waar daar, in Afrika, daardie groot plek vol wild! Hulle het hierdie kêrels, Arthur Godfrey en hulle, soontoe laat gaan, om hierdie olifante en goed, uit helikopters en sulke goed, te skiet. ’n Foto van ’n ou vroulike olifant wat probeer doodgaan, en die trane, wat so, teen haar gesig afloop. En twee groot mannetjies wat haar probeer regop hou, om te keer . . . Wel, dis ’n sonde. Dis nie sport nie.

341 Wanneer ek daar ver in die veld daarbuite staan, en waar ek jag en sulke dinge, en sien waar daardie wit jagters daarbuite kom en daardie takbokke skiet, en die agterkwarte daarvan afsny. En somtyds maak hulle agt of tien ootjies dood, en laat hulle daar lê. En die lammertjies hardloop rond, om hulle mamma te probeer kry. En jy dink dis sportmanskap? Dis pure moord, in my boek.

342 Ek hoop Kanada kry nooit enige paaie in hom, solank ek lewe nie, om daardie afvallige Amerikaners daaruit te hou. Dis reg. Hulle is die swakste sportmanne wat ek ooit in my lewe gesien het.

343 Nou, nie hulle almal nie. Daar is 'n paar ware, opregte manne, maar dis een uit 'n duisend, wat jy kry.

344 Skiet enigiets wat hulle kan sien, net soos hulle wil. Dis reg. Dis 'n moordenaar. Dis reg. Hy is harteloos. En hy skiet, buite seisoen.

345 Wel, daarbo in Alaska daar, ek was daarbo saam met een van daardie gidse. Hy het gesê: "Ek het opgetel. . . Ek kan nou soontoe gaan en hele troppe van daardie groot elk of. . . nie elk nie, maar die Amerikaanse eland daar kry lê; met vyftigkaliber masjiengeweer koeëls deur hulle horings, waar hierdie Amerikaanse loodse daar, in Alaska, met 'n masjiengeweer, uit daardie vliegtuig, 'n trop elande geskiet het." Dis pure moord.

346 Hulle het geweet, wanneer hulle die buffel doodmaak, sal hulle die Indiaan kry. Hy sal doodgaan van die honger. Dis waarom Cochise moes oorgee; sy, al sy prinse, en al die res van hulle, sy kinders, en al sy mense, was besig om te sterf van die honger. Hulle is daarheen met groot, yslike groot vragte van hulle, Buffalo Bill en daardie manne van die vlaktes, hulle het al daardie buffels uitgeskiet, veertig, vyftig, in 'n namiddag. Hulle het geweet, wanneer hulle daarvan ontslae is, is hulle van die Indiaan ontslae. En, o, goeiste! 'n Smet op die vlag, die manier wat hulle daardie Indiane behandel het. Daar het jy dit.

347 Maar onthou, die Bybel het gesê: "Die uur het gekom dat God hulle sal vernietig wat die aarde vernietig." En die hele wêreld!

348 Kyk na daardie valleie. Ek het nou die dag daarbo gestaan, afgekyk op die vallei by Phoenix. Het opgegaan op South Mountain, ek en die vrou het daarbo gesit, en afgekyk op Phoenix. En ek het gesê: "Is dit nie aaklig nie?"

Sy het gesê: "Aaklig? Wat bedoel jy?"

349 Ek het gesê: "Die sonde. En hoeveel egbreek, en drinkery, en vloekery, en die Here se Naam ydellik gebruik, daar in daardie vallei; met omtrent honderd-en-en-veertig, vyftigduisend mense, of miskien tweehonderd duisend mense, in daardie vallei!"

350 Ek het gesê: “Vyfhonderd jaar gelede, of ’n duisend, was daar niks behalwe kaktus, mesquite, en die ou prêriewolwe wat in die sandrivier op-en-af hardloop daar, in die—die lope nie.” En ek het gesê: “Dis hoe God dit gemaak het.”

351 Maar, die mens het ingekom. Wat het hy gedoen? Hy het die grond met vullis versadig. Die strate is vol gal. Die riole, die . . . En die riviere is besoedel met—met vullis. Hulle kan nie . . . Wel, jy moet liever nie ’n skep van party van daardie water drink nie; jy sal enigiets oorkom. Sien? Kyk daarna. Nie net hier nie, maar, regoor die wêreld, is die affêre besoedel!

352 En die wêreld, die natuur, (mag God genadig wees!) die hele wêreld is in—in geboortepyne. Die wêreld probeer, sy is “in barensood,” het Jesaja gesê. Wat is die probleem? Sy is in . . . probeer ’n nuwe wêreld voortbring, vir die Millennium, waar al die . . . ? . . . Probeer geboorte gee aan ’n nuwe wêreld, vir ’n nuwe volk wat nie sal sondig en haar besoedel nie. Dis reg. Sy is in barensood. Dis waarom die—die . . . Ons is in barensood, Christus, om die Bruid voort te bring. Alles is in barensood en aan die kreun. Sien, daar is iets wat regmaak om te gebeur.

353 En hierdie Sesde Plaaag laat haar los. Broer, die aardbewing bars oop, en die sterre skud, vulkane sal tevoorskyn kom, en die aarde sal homself vernuwe. Nuwe lawa sal uit die middel van die aarde uitbreek. En sy sal verkrummel, al om-en-om-en-om, wanneer sy daarbuite in die verte tol.

354 En ek sê vir julle, een oggend wanneer Jesus en Sy Bruid na die aarde toe terugkeer, sal daar ’n paradys van God daar wees. Waar, o, goeiste, daardie ou vegters van die stryd, daar deurstap met hulle vriende en geliefdes. Die gesange sal die lug vul, van ’n Engeleskaar. “O, dit was wel gedaan, My goeie en getroue dienskneg. Gaan die vreugde van die Here binne, wat vir jou voorberei is, soos jy moes gehad het destyds voordat Eva die bal aan die rol gesit het met sonde.” Amen! Sjoe! Ja.

355 Sesde Seël gaan iets doen. Ja, meneer. Die hele wêreld is waarlik aan die kreun en in pyn, oor die Millennium-eeu!

356 Nou, die huidige een is so versadig met vullis! Daaroor het ek hier gepreek, nie lank gelede nie, dink ek, in die tabernakel gepreek: *Wêreld Val Uitmekaar*. Dis presies. Kyk wat val in die wêreld uitmekaar. Kyk, alles daarvan is aan die val. Sekerlik, dit is. Dit—dit moet uitmekaarval. Ja, meneer.

357 Kyk, sy struktuur! Laat ek julle wys waarom die wêreld dit moet doen. Die struktuur van hierdie wêreld, die yster, en die brons, en die materiale van hierdie aarde, is daaruit uit, sy struktuur, getrek vir oorlog en industrie, totdat dit net omtrent gereed is . . . Wel, ons het nooit, tot nou die dag, ’n aardbewing hier in hierdie deel van die land gehad nie; net nou die dag hier, julle sien, St. Louis en daarlangs. Sy word so dun. Hulle het alles daaruit getrek. Sien?

358 Sy politiek is so besoedel, daar is skaars 'n eerlike onder hulle, sien, sy stelsel. Sy moraliteit is so laag, dit het net nie enige nie. Dis al. Sien? Sekerlik. Sy godsdiens is verkanker. Ja, meneer.

359 Dis binnekort tyd vir die Sesde Seël, om oop te gaan. En wanneer sy dit doen, o, goeiste, eindig dit! Die Bruid het al klaar voortgegaan, sy het al . . . die Koningin het al klaar Haar plek gaan inneem; Sy is nou al getroud, met die Koning, terwyl hierdie aan die gang is. En Israel se oorblyfsel is verseël en gereed om te gaan, en dan gee die natuur skiet. O, watter tyd!

360 Let op die laaste vers van die geopende Sesde Seël. Hulle wat gelag het vir die prediking van die Woord, van die bevestigde Woord van die lewende God; toe daardie profete daar gestaan het en wonderwerke verrig het, die son toegemaak het, en wat nog, en daar regdeur die eeu. Sien: “Hulle het geroep na die rotse en die berge om hulle te verberg,” sien, om hulle te verberg van die Woord waaroor hulle gelag het, want hulle het Hom sien kom. “Verberg ons vir die toorn van die Lam.” Hy is die Woord. Sien? Hulle het vir die Woord gelag. En hier was die Woord, geïnkarneer. En hulle het Daarmee gespot; vir hulle gelag, met hulle gespot. En die geïnkarneerde Woord het opgedaag!

361 Waarom het hulle hulle nie bekeer nie? Hulle kon nie. Dit was toe te ver heen. So, hulle het dit geweet, die straf. Hulle het Dit gehoor. Hulle het in byeenkomste soos dié gesit en Daarvan geweet. En hulle het geweet dat daardie dinge wat die profete, voorspel het, hulle reg in die gesig gestaar het, die ding wat hulle verwerp het. Hulle het genade vir die laaste maal weggewys.

362 En wanneer jy genade wegwys, is daar niks oor behalwe straf nie. Wanneer jy genade wegwys; dink net daaraan.

363 En daar was hulle. Hulle kon nêrens heen gaan nie, geen skulling nie. En die Bybel het hier gesê: “Hulle het geroep vir die . . . Geroep na die rotse en die berge, om te: ‘Val op ons, en verberg ons van die—van die aangesig van die . . . en die toorn van die Lam.’” Hulle het probeer bekeer, maar die Lam het gekom om Sy Eie op te eis, sien. En hulle het na die rotse en die berg geroep. Het gebid, maar die gebede was te laat.

364 My broer, suster, die goedheid en genade van God, reik na die mense uit. Terwyl, Israel verblind is hiervoor, vir hier, net omtrent tweeduisend jaar, om ons 'n kans te gee om ons te bekeer. Het julle daardie genade van die hand gewys? Het jy? Het jy Dit verwerp?

365 Wie is jy, in elk geval? Waarvandaan het jy gekom? En waar gaan jy heen? Jy sou nie die dokter kon vra nie, jy sou niemand in die wêreld kon vra nie, en daar is geen boek wat jy sou kon lees, wat jou sou kon sê wie jy is, waar jy vandaan kom, en waar jy gaan nie, behalwe hierdie Boek.

366 Nou, julle weet, sonder dat jy die Bloed van die Lam het om in jou plek op te tree, sien jy waarheen jy op pad is. So, as—as God

dit vir jou gedoen het, sal die minste wat ons kan doen, wees om te aanvaar wat Hy gedoen het. Dis al wat Hy ons gevra het om te doen.

367 En op die basis hiervan, as ek nog verder gaan, sal ek reg by daardie Plaag moet uitkom, dit alles, môre-aand se diens. En ek dit nie nou doen nie, kan nie nog verder gaan nie. Ek het dit hier afgemerkt, 'n kruis: “stop hier,” sien. So, dan, moet ek—ek tot môre wag.

Nou kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik.

368 As jy nie, my kosbare vriend, nie—nie die liefde van hierdie God, waarvan ek praat, aanvaar het nie! As jy nie het nie. . . Luister nou mooi hierna. As jy nie Sy liefde en genade aanvaar het nie, sal jy Sy oordele en toorn moet verduur.

369 Nou, jy is, vanaand, in dieselfde plek as wat Adam en Eva in die tuin van Eden was. Jy het 'n reg. Jy het 'n vrye morele keuse. Jy kan na die Boom van die Lewe gaan, of jy kan die plan van die oordeel neem. Maar, vandag, terwyl jy verstandig is, by jou volle verstand, en jy gesond genoeg is om—om op te staan en dit te aanvaar, waarom doen jy dit nie, as jy dit nog nie gedoen het nie.

370 Is daar daardie mense hierbinne wat dit, tot nou toe, nog nie gedoen het nie? As dit so is, sal jy net jou hand opsteek? Sê: “Bid vir my, Broer Branham. Ek wil dit nou doen. Ek wil nie hê hierdie moet kom nie.” Nou onthou, vriende. . . God seën jou. Dis goed. Ek het. . .

371 Hierdie is nie my idees Daaroor nie. Ek—ek. . . Hierdie is nie wat ek gedink het nie; dit is heeltemal weg van my af. So help my, die Heilige Gees weet dit. En wag julle maar, as die Here wil, môre-aand, wil ek vir julle 'n verborgenheid wys wat die hele tyd aan die gang is, net hier in hierdie byeenkoms. Ek twyfel baie sterk of julle dit al ooit gesien het of nie, sien, wat—wat plaasgevind het. Dit was iets wat hier reg voor julle gelê het. En ek het, elke aand, dopgehou, hierdie, wat dit sou opkom, dat iemand sal sê: “Ek sien dit.” Sien?

372 Moet Dit nie van die hand wys nie, asseblief, ek vra jou mooi; as jy nie 'n Christen is nie, as jy—jy nie onder die Bloed is nie, as jy nie wedergebore, vervul is met die Heilige Gees nie.

373 As jy nog nooit 'n openbare belydenis van—van Jesus Christus gemaak het, deur in Sy Naam gedoop te word, om van Sy dood, begrafnis en opstanding te getuig, wat jy aanvaar het nie, die water is gereed. Hulle wag. Klere word hierbinne voorsien, en alles is gereed.

374 Christus staan gereed, met uitgestrekte arm, om jou te ontvang. Oor 'n uur van nou af, mag daardie genade dalk nie meer na jou uitgestrek wees nie. Jy kan dit dalk vir die laaste keer van die hand wys; dit sal nooit weer jou hart aanraak nie.

Terwyl jy nog kan, terwyl jy nog kan, waarom doen jy dit nie? Nou terwyl. . .

³⁷⁵ Ek weet die gewone, gebruiklike manier, is om mense na die altaar toe te bring. Ons doen dit, en dis heeltemal in orde. Hierdie keer, is ons so vol hierbinne, reg rondom die altaar, dat ek dit nie sou kon doen nie.

³⁷⁶ Maar ek wil graag dit sê. In die apostels se dae, het hulle gesê: “Soveel as wat geglo het, is gedoop.” Sien? Net as jy kan, regtig, diep in jou hart! Hier is al wat dit is. Dit is nie—dit is nie emosie nie, hoewel emosie daarmee saamgaan. Net soos wat ek gesê het, rook en drink is nie sonde nie; dis die kenmerk van sonde; dit wys jy glo nie. Sien? Maar wanneer jy waarlik in jou hart glo, en jy weet dat op grond daarvan, waar jy daar sit, jy dit met jou hele hart aanvaar, gaan iets net daar gebeur. Dit gaan gebeur.

³⁷⁷ Dan kan jy as ’n getuie daarvan staan, dat iets gebeur het. Stap dan na die water toe, sê: “Ek wil vir die gemeente wys, ek wil bewys, ek wil my getuienis laat staan, dat ek my plek by die Bruid sal inneem. Ek staan nou hier om gedoop te word.”

³⁷⁸ Ek weet daar is vanaand baie vroue in die wêreld, goeie vroue, maar ek verlang vreeslik om een te sien. Daar is een van hulle wat my vrou is. Sy gaan saam met my huis toe. Sy was nie van die begin af my vrou nie; maar hoe sy my vrou geword het, sy het my naam aangeneem.

³⁷⁹ Hy kom. Daar is ’n klomp vroue, kerke, in die wêreld, maar Hy kom na Sy Vrou. Sy word op Sy Naam genoem. “Hulle wat in Christus is, sal God saam met Hom bring.” Hoe kom ons Daarin? “Deur een Gees word ons almal in een Liggaam gedoop.”

³⁸⁰ Nou terwyl ons bid, bid julle ook. Binne of buite, daar is groot groepe mense in die kamers, buite, wat daarrond staan, buite in die strate. Maar nou terwyl—terwyl julle. . . Ons kan julle nie hier na die altaar toe naderroep nie. Maar, jou hart, maak dit die altaar. En sê reg in jou hart: “Here Jesus, ek glo Dit. Ek het hierbuite in hierdie naglug gestaan. Ek is versmoor, in hierdie klein kamertjie. Ek sit hierbinne, tussen hierdie mense. Ek—ek—ek—ek—ek wil nie. . . Ek kan dit nie misloop nie; ek kan dit nie bekostig nie.”

³⁸¹ Alles, soos ek gisteraand vir julle gesê het, en, so help my, die Here weet ek praat die Waarheid. “Ek lieg nie,” soos Paulus gesê het. Daardie visioen, of wat dit ook al was; ek het daar gestaan, en kyk, en daardie mense, wat al weg is, gehanteer, net so werklik as wat ek net hier staan. Moet dit nie misloop nie, my arme broer of suster; moet dit nie doen nie. Ek weet julle het al prediking gehoor, julle het *dit*, *dat*, en stories, dit alles gehoor. Maar laat. . . Luister net. Vir my, is dit. . . Ek weet dis die Waarheid, sien. Jy moet net. . . Ek—ek—ek kan dit nie enigsins duideliker maak nie, sien. Moet dit nie misloop nie. Dis alles joune.

Nou laat ons bid.

382 Here Jesus, hier voor my is 'n kartondoos met sakdoeke wat die siek mense verteenwoordig. Soos ek oor hulle bid, die hande op hulle lê, soos die Bybel gesê het: “Hulle het van die liggaam van Paulus geneem, sakdoeke en voorskote, onrein geeste het uit die mense uitgegaan, en groot tekens is gedoen.”

383 Want, hulle het Paulus gesien, dat hulle geweet het die Gees van God is in hom. Hulle het geweet hy was—hy was 'n vreemde man, dat, die dinge waaroor hy gepraat het, oor die Woord. Hy sou die ou Hebreeuse woord van die Hebreeuse kerk gaan vat, en dit laat lewe, en dit in Christus plaas. Hulle het geweet God is in die man. Toe het hulle God vreemde en magtige werke deur hom sien bewerk, dinge voorspel en dit sou so gebeur, en hulle het geweet dat hy God se dienskneg was.

384 Here, ek bid dat U hierdie mense sal eer vir hulle respek vir die Woord, en hulle om Jesus' onthalwe sal genees. Hierbuite in die gehoor, Here, sit daar 'n volk, net soos hulle wat na die apostel Petrus geluister het op die Pinksterdag. Hoe hy teruggegaan het in die Woord, en die Woord gekry het! En hy het gesê: “Joël het gesê, in die laaste dae sal hierdie dinge plaasvind. En Dit is dit.” En die drieduisend het Dit geglo, en is gedoop.

385 En, Vader, vandag staan ons hier deur U genade. En dis nie omdat—omdat dit 'n spesiale volk is nie, maar dis omdat (net soos die dag van die leeu, of die os, of die mens) dit die arendtyd is. Dis die salwing van die uur. Dis die tyd waarin ons lewe. Dis die werking van die Heilige Gees vir hierdie spesifieke tyd, om te bewys dat Jesus nie dood is nie. Die dinge wat hy gesê het Hy sou doen net voor die Aandligte doodgaan, en hier het ons Hom dit sien doen, net daar langs die pad. Ons het Dit sien neerkom in die wetenskaplike navorsing en het Sy foto laat neem; die groot Vuurkolom Wat die kinders van Israel gelei het; Wat vir Paulus ontmoet het op die pad.

386 En ons weet, hierdie selfde Vuurkolom wat vir Moses daaronder in die wildernis gelei het, deur daardie selfde Vuurkolom het hy verskeie Boeke van die Bybel geskryf, want hy was gesalf met die Woord.

387 Hierdie selfde Vuurkolom het op Paulus afgekom, op die pad na Damaskus, hy het baie Boeke van die Bybel, genoem die Woord van God, geskryf.

388 En nou, Here, daardie selfde Vuurkolom, deur die getuienis van die bewys van die Woord, en deur wetenskaplike navorsing, sien ons Dit, die Woord van die Here hier openbaar.

389 God, laat die mense vinnig wakker gemaak word, Here, vinnig! Dié wie se name in die Boek van die Lewe geplaas is; wanneer Hierdie oor hulle pad flits, mag hulle sien. Soos die klein, ontugtige vroutjie by die put daardie dag, sy het vinnig herken, en sy het geweet Dit was die Skrif.

³⁹⁰ En nou, Vader, bid ek dat almal wat U, in hierdie tyd, in hulle harte sal ontvang, dit vir altyd sal besleg, in hierdie uur, dat hulle klaar is met sonde; dat hulle sal opstaan en nou voorbereidings tref vir openbare belydenis, van doop in die Naam van Jesus Christus, vir die vergewing van hulle sondes; om te wys dat hulle glo dat God hulle vergewe het, en hulle die Naam van Jesus Christus aanvaar.

³⁹¹ Vader, giet dan die Heilige Gees, van Olie, oor hulle uit, dat hulle in die diens van die Here God geplaas kan word, sodat hulle werkers kan wees in hierdie laaste, bese dag, want ons besef ons het net 'n kort tydjie. En die Kerk kan op enige tyd gaan.

³⁹² Die Lam kan, op enige oomblik, die heiligdom Daarbo verlaat, of die Offer-troon, tevoorskyn kom vanaf die Troon van God waar die offerande lê, en dan is dit verby; daar is geen hoop meer vir die wêreld nie; sy is klaar. Dan kry sy die bewerasie, van groot spasmas van aardbewings, en—en groot skuddings soos dit by die opstanding was. En—en, die—die . . .

³⁹³ Soos Christus uit die graf opgestaan het, wanneer die heiliges opstaan, sal dieselfde ding gebeur. Here, dit kan op enige oomblik wees. Ons sien uit na daardie blye dag om aan te breek.

³⁹⁴ Neem nou U kinders onder U arm, Vader. Trek U lammertjies na U bors toe. Skenk dit. En voed hulle met die Woord, totdat hulle sterk genoeg is vir diens. Ons dra hulle nou aan U op, Here. Verhoor hierdie gebed.

³⁹⁵ U het gesê, Vader, daar in Markus, die 11de hoofstuk: “Wanneer julle bid, staan en bid, glo dat julle sal ontvang wat julle vra, en julle sal dit verkry.”

³⁹⁶ En met my hele hart aan Hom wat hierdie dinge deur die jare heen geopenbaar het, en hierdie Seëls hier in hierdie laaste week; ek glo U, Here God, dat dit die uur is, nou naby, nader as wat ons werklik dink, van U naderkoms.

³⁹⁷ Laat my gebed asseblief verhoor word. En mag elke geroepe kind van God, wat binne hoorafstand hiervandaan is, of andersins die band sal tref, mag op daardie tyd . . . Ek eis hulle op vir die Koninkryk van God, op die basis van die wete dat hierdie die Woord is wat geopenbaar word. Laat die Aandlig skyn, Vader. Ek dra hulle aan U op, in Jesus' Naam. Amen.

³⁹⁸ Nou, almal, binne of buite, wat glo, en nog nooit jou—jou openbare belydenis gemaak het, dat jy klaar is met sonde nie; en jy—jy wil die genade van God hê, en jy het hulle aanvaar in Jesus Christus. Die poel . . . Hulle sal gereed wees om enigen te doop wat gedoop wil wees, vandag of môre, sommer nou of wanneer dit ook al mag wees.

³⁹⁹ Geniet julle die Sesde Seël? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Sien julle nou waarop Dit oopgegaan het? [“Amen.”] Het julle Dit geglo? [“Amen.”]

400 Daar is gesê: “Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die Here geopenbaar?” Sien? Glo die verkondiging, dan word die arm van die Here geopenbaar. Die arm, die Woord van God, word geopenbaar.

401 Nou as die Here wil, sal ek môre-oggend, my bes probeer om daardie vrae te beantwoord. Ek sal waarskynlik die res van die nag, en, of die meeste daarvan, bestee aan gebed, daaroor. Ek kry omtrent van een tot drie uur per nag. Ek het laasnag nooit voor byna eenuur in die bed gekom nie, en teen drie-uur was ek in studie. Sien? Sien?

402 Ek gaan hiervoor verantwoording moet doen. Dis reg. Ons is te naby vir enigiets, enige dwaasheid, of enige aanmatiging, of half-pad glo. Ek moet dit eers sien. En dan, as ek dit sien, moet dit in die Woord ook wees. En tot dusver, deur die genade van God, het hulle perfek. Ek het dit geneem vanaf, die hele pad deur, julle weet dit, en dit het—dit het reg ineengeskakel.

403 Dit moet SO SPREEK DIE HERE wees. Want, dis nie net soos dit Dit sê omdat ek Dit self ken nie, maar die Woord van die Here is SO SPREEK DIE HERE. En hier is die Woord, neem wat Hy aan my gegee het, en skakel Dit ineen en wys julle. Sodat julle self kan weet, dis SO SPREEK DIE HERE. Sien?

404 Hier is die Woord, wat so sê. En dan die openbaring wat Hy vir my gee, wat teenstrydig is met wat enigeen van ons al ooit gedink het; wel, teenstrydig met wat ek gedink het, want ek het nooit so Daarop ingegaan nie. Maar nou, vind ons, dit pas reg inmekaar. En wat is Dit? Dis SO SPREEK DIE HERE. Sien? Dis presies. Dit was 'n plek wat oopgemaak is, daar gehou, vir hierdie uur, en dan kom die Here en druk Dit sommer so in. So, julle sien, daar is Dit. Dit, Dis—dis die Here. O, ek het Hom lief! Ek het Hom lief met my hele hart.

405 Nou onthou, jy. . . Ons kon nie by die altaar uitkom nie. Etlikes het hulle hande opgehou. Nou, sien, dis 'n individuele saak, vir jou. Dis wat jy ook al wil doen. Sien?

406 Die uur is so naby, julle behoort so hard te druk as wat julle kan, nie getrek hoef te word nie. Sien, net druk, probeer om in te kom: “Here, moet my nie uitlaat nie. Moet my nie weglaat nie, Here. Die deure is aan die toemaak; as ek tog net kan inkom!” Sien?

407 God sal eendag die deur toemaak. Hy het in die dag van Noag, en hulle het op die deure gehamer. [Broer Branham klop verskeie kere op die preekstoel—Red.] Is dit reg? [Gemeente sê: “Amen.”]

408 Nou onthou, die Bybel het gesê, dat: “In die sewende nagwaak.” Dit reg? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Party het aan die slaap geraak in die eerste wag, tweede, derde, vierde, vyfde, sesde, sewende. Maar, in die sewende nagwaak, het daar 'n

oproep uitgegaan, 'n geroep: “Die Bruidegom kom! Gaan uit Hom tegemoet.”

409 Die slapende maagde het gesê: “Sê, nou sal ek graag van daardie Olie wil hê.”

410 Die Bruid het gesê: “Ek het net genoeg vir myself; het net genoeg. As jy Dit wil hê, gaan bid Daarvoor.”

411 Sien julle nie nou die slapende maagd nie? Kyk na die Episkopaalse, Presbiteriaanse, Lutherse, en alles, wat probeer. En die probleem daarmee is, in plaas van die Heilige Gees te probeer kry, probeer hulle in tale praat.

412 En 'n klomp van hulle praat in tale, en is skaam om na hierdie kerk toe te kom om voor gebed te word; wil hê ek moet na hulle huis toe kom en vir hulle bid. Noem jy dit die Heilige Gees? Dis praat in tale, maar nie die Heilige Gees nie. Sien?

413 Nou, ek glo die Heilige Gees praat in tale. Julle weet ek glo dit, sien. Maar daar's ook 'n vervalsing Daarvan. Ja, meneer. Die—die vrugte van die Gees, wat bewys wat Dit is. Die vrugte van die boom bewys watter soort boom dit is. Nie die bas nie; die vrugte!

414 Let nou op, dan, wanneer sy kom, daardie—daardie laaste uur. En daar, toe hulle ingekom het, toe het hulle gaan sê: “Wel, ek glo ek het Dit nou. Ek glo ek het Dit gekry. Ja, ons kry Dit.”

415 Ek—ek—ek moet dit liever nie sê nie, sien, want dit mag 'n verwarring veroorsaak. Toe ek nou die dag gesê het, die Wegraping, hoe Dit sou kom, het ek—ek . . . Nou, as julle sê julle—julle sal dit aanvaar, goed. [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Kyk. Kyk. Goed, dit hang van julle af.

416 Toe die slapende maagd, sien, wat gedink het sy is deurgebid, terugkom daar, was die Bruid alreeds weg. Dit het weggegaan, en sy het die nie geweet nie; soos 'n dief in die nag. Toe begin hulle teen die deure hamer. En wat het gebeur? Wat het plaasgevind? Hulle is in 'n Verdrukkingsperiode gewerp. Die Bybel het gesê: “Daar sal 'n geween wees, en gekerm, en gekners van die tande.” Is dit reg?

417 Wanneer dit gaan wees, broer, suster, weet ek nie. Maar, ek—ek, my, dit is dalk net ek hier, nou, sien. Dit, dit is wat . . . Dit is my gedagte. Sien? Ek—ek—ek dink dis so naby, ek—ek's . . . Elke dag wil ek—ek . . . Ek probeer net so saggies loop as wat ek kan. Sien? En nou wanneer, julle weet, wanneer die . . .

418 Iets het vandag gebeur, en ek het iets sien voorkom. Ek—ek het net . . . Ek kon nie meer my asem kry nie, sien. Daar was Hy, het daar gestaan, daardie klein Liggie wat net daar staan. En hier was Dit. Ek weet dis die Waarheid.

419 Ek het gedink: “O God, ek sou dit nie kon sê nie. Ek—ek kan dit nie sê nie. Ek kan nie.” Ek het net uit die kamer uitgeloopt, het uitgegaan, het op-en-af geloopt. Broer, ek het gedink: “Goeiste!

Wat kan ek doen? O!” Sien? En ek—ek moet gaan visvang, of iets, of ek. . . Man, julle sou. . . julle. . . Ek kan julle nie sê nie. Sien?

420 So, ons geniet dit. Nie waar nie? Prys die Here! Amen! Sien? Ons is in ’n—ons is in ’n geweldige tyd, sien, want my hart loop oor van geluk en vreugde.

421 Maar wanneer ek aan hierdie wêreld dink en die duisende wat ek weet wat verlore is, swart-oorskadu is, hum, dan bloei jou hart sommer. “Wat kan jy doen? Wat kan jy doen?” Jy voel net hoe die Heilige Gees in jou hart uitroep. Soos dit vir ons Here moes gewees het, toe Hy oor Jerusalem uitgekyk het, Sy Eie mense, sien, het gesê: “Jerusalem, Jerusalem, hoe dikwels wou Ek julle bymeekaarmaak, soos ’n hen haar kuikens, maar julle wou nie.” Jy kan net voel hoe die Heilige Gees sê: “Hoe dikwels wou Ek julle bymeekaargemaak het, sien, maar julle wou nie.” Sien?

422 Ons is, ons is hier reg by iets, vriende. Wat dit ook al is, God weet. Niemand, niemand weet wanneer dit gaan gebeur nie. Dis ’n geheim. Niemand weet wanneer dit gaan gebeur nie.

423 Maar Jesus het vir ons gesê: “Wanneer julle hierdie dinge sien, al hierdie dinge.” Net soos wat ek gegaan het, met die Sesde Seël vergelyk het, met wat Hy in Mattheüs 24 gesê het. Nou onthou wat Hy gesê het: “Wanneer julle hierdie dinge sien kom, sien vervul word, dan is die tyd voor die deur.” Kyk na die vers onmiddellik daarna, die 30—die 30 en 31ste verse soos ons afgekom het, 32ste, 33ste verse.

424 Hy het gesê: “En Hy sal Sy engele uitstuur na die vier uithoeke van die hemele, van die vier windstreke, om Sy Uitverkorenes bymekaar te maak.” Is dit reg?

Het gesê: “Nou leer ’n. . .”

425 Nou onthou, Hy het net daar opgehou. Hy het nooit voortgegaan, ná daardie Sesde Seël nie. Hy het nooit enigiets oor die Sewende gesê nie. Hy het die Eerste, Tweede, Derde, Vierde, Vyfde en Sesde genoem. Maar Hy het daar opgehou, nooit melding gemaak van enigiets Daaroor nie.

426 Kyk na die volgende ding wat Hy gesê het: “Nou leer ’n gelykenis.” Sien? Dan begin Hy met die gelykenis. Hy het gesê: “Hierdie dinge sal gebeur.”

427 Hy antwoord daardie drie vrae. “Wat sal die. . . hierdie tekens wees? En wat sal die teken van U Koms wees? Wat sal die teken, van die einde van die wêreld wees?”

428 En die Sesde Een, daar, was die einde van die wêreld. En die weerklink van die sewende engel. . . “Het die hande opgehef, en gesweer by Hom wat vir ewig en altyd lewe, dat daar geen tyd meer sal wees nie.” Die aarde gee geboorte aan ’n nuwe een. Dis verby.

429 En hier is ons, hier reg voor die deur. O, ek bewe. “En wat moet ek doen, Here? Wat—wat kan ek nog doen?” Sien? En, dink

net daaraan om dan daardie plek en daardie kosbare mense te sien! Ek het daar na myself staan en kyk. En ek het gedink: “O God, wel, hulle—hulle kan dit nie misloop nie. Ek—ek—ek behoort hulle te dwing. Ek behoort net in die gehoor in te gryp en hulle te kry, te dwing.” Jy kan dit nie doen nie. Jy . . .

430 “En niemand kan kom tensy My Vader hom trek nie.” Maar hier is een vertroosting wat ons het: “Almal wat die Vader My geseë het, sal kom.”

431 Maar die res van hulle, met daardie organisasies, maak so op hulle staat, sien. “En hy het almal mislei wat op die aarde gelewe, gewoon het, wie se name nie geskryf was in daardie Lam se Boek van die Lewe, wat geslag was van voor die grondlegging van die wêreld af, nie.” O, goeiste! So, julle sien, dis ’n hartseer ding.

432 Al wat jy kan doen, is net—net—net—net bly by die Woord. Kyk net na wat Hy ook al sê om te doen, en doen dit dan. Sien? Wat Hy ook al sê jy moet doen; doen dit.

433 En julle kyk daarbuite, en sê: “O, goeiste! Hulle doen *dit*, dan . . . O!” Dis net . . .

434 Julle besef nie watter stremming nie! Nou ek wil dit sê. Ek veronderstel die bande is af. Baie mense sê: “Broer Branham, met so ’n tipe bediening . . .” (Ek moet versigtig wees, want mense vat net daardie bande en probeer dit net aan stukke skeur, julle weet.) So as hulle sê: “Broer Branham, wens ons het ’n bediening gehad,” julle weet nie wat julle sê nie. Julle, eerlik, julle weet nie wat daarmee saamgaan nie, broer, suster. O, goeiste! En die verantwoordelikheid, wanneer jy mense het wat vashou aan wat jy sê! Onthou, as jy vir hulle verkeerd sê, sal God hulle bloed van jou hande eis. Dan, dink maar daaraan. Dis ’n vreeslike ding.

435 So, wees liefdevol. Hê Jesus lief met jou hele hart. Volg net . . . Wees eenvoudig. Moet nooit probeer—probeer om enigiets te ontsyfer nie. Wees net eenvoudig, voor God. Want, hoe meer jy probeer ontsyfer, hoe verder raak jy van Hom verwyder. Sien? Glo Hom net eenvoudig.

Sê: “Nou, wel, wanneer sal Hy kom?”

436 As Hy vandag kom, in die haak. As Hy twintig jaar van nou af kom, is dit steeds in orde. Ek gaan net so maak soos ek nou maak, en Hom volg. “Here, as U my êrens kan gebruik, hier is ek, Here.” As dit ’n honderd jaar van vandag af is, as my agter-agter-agter-agter-kleinkinders nog leef om dit te sien kom, laat . . . “Here, ek weet nie wanneer dit gaan wees nie, maar laat ek net vandag reg wandel, net met U.” Sien? Ek—ek wil . . . Want, ek—ek sal op daardie dag opstaan, net asof ek êrens ’n bietjie geslaap het.

437 Kom daarnatoe, daardie heerlike paleis, daar oorkant, daardie Koninkryk van God daar, waar al die oues jonk sal wees, waar die wit klere reeds aangetrek is! Die mans en die vroue het verander, met ’n skoonheid, die ware toonbeeld van ’n—van ’n

—'n aantreklike man en 'n—'n lieflike vrou! Staan daar in al die skoonheid en statuur van 'n jong vrou en 'n jong man, wat daar staan! En kan nooit oud word nie, kan nooit sondig wees nie, kan nooit enige jaloesie, of haat, of enigiets, wees nie! O, goeiste!

438 Ek dink die bande is nou af. En ek—ek het net omtrent nog drie of vier minute. Ek wil met julle praat. Is dit in orde? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Nou, hierdie is net persoonlik, sien. Want, môre, ek—ek . . . Dit gaan so geweldig wees! Ek dink ek moet dit maar liewer nou sê, sien, wat ek gaan sê. Ek . . . Hierdie is nou net vir ons. Ek het pas . . .

439 Julle weet, ek—ek het 'n vrou wat ek liefhet, en dis Meda. En ek—ek sou nie eens met haar getrou het nie, as gevolg van my liefde vir my eerste vrou. En tog, soveel as wat ek vir haar omgee, sou ek—ek nie met haar getrou het, as dit nie was dat God vir my gesê het om dit te doen nie. En julle ken die verhaal daarvan; hoe sy gaan bid het, en hoe ek het. En toe het Hy vir my gesê presies wat ek moet doen, en: “Gaan, trou met haar,” en die presiese tyd om dit te doen. Sy is 'n lieflike vrou. En sy bid vanaand vir my. En so dis nou agtuur, by die huis, en sy bid waarskynlik nou.

440 Nou, let op. Eendag het sy vir my gesê, sy het gesê: “Bill,” sy het gesê: “ek wil jou net 'n vraag vra oor die Hemel.”

Ek het gesê: “Goed, Meda, wat is dit?”

Sy het gesê: “Jy weet ek het jou lief.”

441 En ek het gesê: “Ja.” Dit was net nadat hierdie hierbo gebeur het.

Sy het gesê: “Jy weet dat Hope jou ook liefgehad het.”

Ek het gesê: “Ja.”

442 En sy het gesê: “Nou,” sy het gesê: “ek dink nie ek sal jaloers wees nie,” sy het gesê: “maar Hope was.” En sy het gesê: “Nou, wanneer ons in die Hemel kom. . . En jy sê jy het haar daar gesien.”

443 Ek het gesê: “Sy was daar. Ek het haar gesien. Ek het haar twee keer daar gesien.” Sy is daar. Sy wag vir my om te kom. So ook die . . . So ook Sharon. Ek het haar gesien, net soos ek na julle kyk. Ek het haar daar gesien. En ek het gesê . . .

444 Sy het gesê: “Wel, nou, wanneer ons daar aankom,” gesê: “watter een gaan jou vrou wees?”

445 Ek het gesê: “Julle albei. Daar sal nie enige wees nie, sien, maar tog sal julle albei wees.”

Sy het gesê: “Ek kan dit nie verstaan nie.”

446 Ek het gesê: “Nou, skat, kom sit, laat ek vir jou iets verduidelik.” Ek het gesê: “Nou, ek weet jy het my lief, en jy weet hoe ek jou liefhet, en respekteer en eer. Nou, byvoorbeeld, wat as ek sou aantrek, en dorp toe gaan; en een of ander klein prostituut, baie mooi, en haar arms om my kom gooi, en sê: ‘O,

Broer Branham, ek het jou regtig lief,' en haar arms om my begin sit en my druk. Wat sou jy dink?"

Sy het gesê: "Ek dink nie ek sou baie daarvan hou nie."

447 En ek het gesê: "Ek wil vir jou iets vra. Het jy . . . Vir wie het jy die liefste, as daar 'n beslissing moes wees, vir my of die Here Jesus?" Nou, dis net familie, wat praat.

448 En sy het gesê: "Die Here Jesus." Het gesê: "Ja, Bill, so lief as wat ek jou het, tog, voor ek Hom laat vaar, sou ek jou laat vaar."

449 Ek het gesê: "Dankie, skat. Ek is bly om jou dit nou te hoor sê." Ek het gesê: "Nou, wat daarvan as daardie selfde vroukje na Jesus toe sou kom en haar arms om Hom gooi, sê: 'Jesus, ek het U lief,' wat sou jy daarvan dink?"

Sy het gesê: "Ek sou daarvan hou."

450 Sien, dit verander van phileo na agapao. Sien, dis 'n hoër Liefde. Sien? En daar's nie so-iets soos man en vrou, soos . . . en om kinders groot te maak nie. Dis alles weg, die—die vroulike en manlike geslagtelikheid. Die kliere is alles . . . Hulle is almal dieselfde, daar. Sien? Daar's niks meer daarvan nie. Sien, daar is, hoegenaamd, glad nie meer geslagskliere nie. Sien? Jy's net nie . . . Ja, meneer. Dink net aan jouself sonder 'n geslagsklier. Waarom hulle in ons gesit is, is om die aarde te herbevolk, jy sien. Maar, Daar, daar sal nie enige Daar wees nie. Daar sal nie manlike óf vroulike klier wees nie. Nee.

451 Maar die gelykenis van die natuur van God sal daar wees. Dis presies reg. Maar ons sal waarlik opreg wees. Geen—geen phileo nie, glad nie; alles agapao. Sien? Daarom, 'n vrou sal niks meer as net een of ander lieflike iets wees wat—wat joune is nie, en sy . . . Julle behoort aan mekaar. Daar is nie so-iets soos 'n . . . Nee, nee, daar's nie eens . . . Sien, die phileo gedeelte is glad nie eens daar nie. Sien, daar kan nie enigiets soos 'n jaloesie wees nie; niks om oor jaloers te wees nie. Daar is nie so-iets daar nie. Jy ken nooit so-iets soos dit nie. Sien? En net 'n lieflike jong man en jong vroue, om te leef.

En toe, daarna, het sy gesê: "Ek sien dit nou, Bill."

Ek het gesê: "Ja."

452 Ek wil vir julle vertel van iets wat gebeur het. Hierdie was 'n droom. Ek het geslaap. En ek het hierdie nog nooit tevore in die openbaar vertel nie. Ek het dit vir 'n paar mense vertel, maar nog nooit tevore in die publiek, sover ek weet nie.

453 Ek—ek het gedroom, omtrent 'n maand daarna, dat ek gestaan het, op 'n dag, en ek het na die groot geleentheid gekyk toe . . . Nou nie die oordeel nie. Ek glo nie die Kerk kom na, (ek bedoel, die Bruid), gaan ooit na 'n oordeel toe nie. Maar, ek was daar toe die krone uitgegee is, sien. En die yslike—yslike groot Troon het *hier* bokant gesit. En Jesus en die notulerende Engel, en almal, het daar gestaan. En daar was soos 'n stel trappe, wat

so afgekom het, van wit ivoor; het afgeloop, in 'n sirkel, 'n uitsig gehad soos *dié*, en het uitgegaan, sodat hierdie hele groot skare, wat daar gestaan het, kon sien wat aangaan.

454 En ek sou daaragter staan, ver terug aan een kant. En ek het net daar gestaan, nooit 'n idee ek sou daardie treetjies moes klim nie. Ek het daar gestaan. Ek sou sien . . .

455 Die notulerende Engel sou 'n sekere naam roep; en ek sou weet, daardie naam herken. Ek het gekyk, en daar ver terug, hier kom die broer, loop saam met 'n suster, kom so na jou toe aangestap. Die notulerende Engel staan daar langs Christus, (nou net 'n droom), en gekyk. En hulle naam was daarop, dit is gevind in die Boek van die Lewe; Hy sou oor hulle uitkyk, en sê: “Dit was—dit was welgedaan, My goeie en getroue dienskneg. Gaan nou binne.”

456 Ek het omgekyk, waar hulle heengaan. Daar was 'n nuwe wêreld, en die vreugde. En gesê: “Gaan in in die vreugde van die Here, wat daar—wat daar vir julle was vanaf die grondlegging van die wêreld.” Sien? En, o, ek het gedink . . . Hulle sou daar deurgaen, en mekaar ontmoet, en hulle somer net verheug, en oor berge gaan en yslike groot plek.

457 Maar ek het gedink: “O, is dit nie wonderlik nie! Glorie! Halleluja!” Net op-en-af gespring!

458 Dan sou ek nog 'n naam geroep hoor word. Ek dink: “O, ek ken hom. Ek ken hom. Ek . . . Daar, daar gaan hy, daar.” So na hom kyk.

“Gaan in in die vreugde van die Here, My goeie en . . .”

“O,” sou ek sê: “prys God! Prys God!”

Sê net, byvoorbeeld, hulle sal sê soos: “Orman Neville,” sien.

459 En dan sou ek sê: “Dis ou Broer Neville. Daar is hy.” Sien? En hier kom hy, uit die skare uit, gaan boontoe.

460 Nou sê Hy: “Gaan in in die vreugde van die Here, wat vir jou voorberei is van voor die grondlegging van die wêreld af. Gaan binne.” En ou Broer Neville verander net, en begin daar ingaan, aan die skree en uitroep.

461 Man, ek roep net uit en sê: “Glorie aan God!” Staan hier alleen, en geniet dit vreeslik, om te sien hoe my broers daar ingaan.

462 En 'n notulerende Engel het daar gestaan, en gesê: “William Branham.”

463 Ek het nooit gedink ek sou dit moes loop nie. So toe was ek bang. Ek het gedink: “O, goeiste! Sal ek dit moet doen?” So ek het soontoe begin loop. En almal klop my net op die—die . . . [Broer Branham illustreer deur baiekeer op homself te klop—Red.] “Hello, Broer Branham! God seën jou, Broer Branham!” Klop my op die skouer soos ek voortgaan, deur 'n yslike groot skare mense.

En hulle almal wat oorleun en my so op die skouer klop. [Broer Branham illustreer deur baiekeer op homself te klop.] “God seën jou, broer! God seën jou, broer!”

464 Ek het gegaan. Ek het gesê: “Dankie. Dankie. Dankie.” Soos om uit ’n diens, of iets, uit te kom, julle weet.

465 En ek sou teen hierdie yslike groot ivoortreetjies moes oploop. Ek het daardeur begin oploop. En net toe ek die eerste treetjie bereik, het ek gestop. En ek het gedink . . . Ek het na Sy gesig gekyk. Ek het gedink: “Ek wil goed na Hom kyk van hier af.” En ek het gaan staan.

466 Ek het my hande *so* gehou. Ek het iets *hier* om my arm voel glip. Dit was iemand anders se arm. Ek het omgekyk, en Hope het daar gestaan; daardie groot swart oë, en daardie donker hare wat teen haar rug afhang, wit kleed aan; wat so opkyk na my. Ek het gesê: “Hope!”

467 Ek het iets aan *hierdie* arm voel raak. Het omgekyk, en daar was Meda; daardie donker oë wat opkyk, en daardie swart hare wat afhang, ’n wit kleed aan. En ek het gesê: “Meda!”

468 En hulle het na mekaar gekyk, julle weet, so. Hulle was . . . Ek het hulle aan my arms geneem, en hier het ons gegaan, Huis toe geloop.

469 Ek het wakker geword. O, ek het wakker geword. En ek—ek het opgestaan en in ’n stoel gaan sit, en huil, julle weet. Ek het gedink: “O God, ek hoop dit kom so uit.” Beide aan my verbonde in my lewe, en het kinders gebring, en sulke dinge; en hier is ons, stap die nuwe wêreld binne, o, goeiste, waar volmaaktheid en alles is. Nee, niks. . .

470 O, dit gaan iets wonderliks wees! Moet dit nie misloop nie. Moet dit nie misloop nie. Deur die genade van God, doen alles wat julle kan doen, en dit sal van God afhang om vir die res daarvan te sorg dan.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota’s . . .

471 Kom ons sing dit weer, met ons hele hart. Hef nou ons oë op na God.

Ek het Hom lief

472 [Broer Branham verlaat die preekstoel en bid vir ’n vrou, terwyl die gemeente *Ek Het Hom Lief* nog ’n keer sing—Red.]

. . . het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota’s boom.

⁴⁷³ Goed, nou. Hulle het nie verwag dat sy deur die diens sou bly leef nie. Dis reg. Daar is sy, beide hande in die lug op, God aan die prys. Dis waarom ek hier 'n lang tyd gedraal het; om julle nie te sê wat ek doen nie. Ek het oor Meda-hulle gepraat. En dat ek dopgehou het, om te sien wat. . . Ek het daardie Lig bly oplet wat heen-en-weer sirkel, en oor haar gaan hang het. Ek het gedink: "Daar is dit." O, is dit nie wonderlik nie? [Gemeente verbly hulle—Red.]

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

⁴⁷⁴ Nou, met ons harte, [Broer Branham begin neurie *Ek Het Hom Lief*—Red.] dink net aan Sy goedheid en genade.

. . . ek het Hom lief (Amen!)
. . . Hy eerste liefgehad. . .

⁴⁷⁵ Sien julle nou hoeveel beter is dit? Amen! Dis reg. Nou. . . ?. . . Gaan en word gesond. Amen! Die genade van God het aan jou verskyn, om jou gesond te maak. Amen.


. . . op Gólgota's boom.

O, glorie aan God!

Ek het Hom lief, . . .

Goed, julle pastoor.

Ek. . .

⁴⁷⁶ [Iemand sê: "Broer Branham, begin môre om nege-dertig?"—Red.] Nege- tot nege-dertig. Nege-uur, daar iewers. ["Na ontbyt? Nege-uur?"] Julle begin om nege. Ek sal om nege-dertig begin. 

DIE SESDE SEËL AFR63-0323

(The Sixth Seal)

DIE OPENBARING VAN DIE SEWE SEËLS REEKS

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagagaand, 23 Maart 1963, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2020 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org